# HOOFSTUK 4

# NAVORSINGSONTWERP

## 4.1 Inleiding

In Hoofstuk 1 is aangetoon dat hierdie studie ten doel het om vas te stel hoe individue situasies emotief konstrueer en hoe musiek gebruik kan word om die konstrueringsproses uit te brei. Weens die abstrakte aard van die fenomene wat bestudeer wil word, wil die navorser dit vanuit die kwalitatiewe navorsingsbenadering ondersoek en interpreteer. Begrippe soos emosie, musikale ervarings en die konstruering van emosionele belewenisse in 'n verhouding, is volgens die navorser té subjektief om op 'n ander manier bestudeer te word. Volgens Neuman (1994) is die fokus van kwalitatiewe navorsing juis gerig op die subjektiewe betekenisse, definisies, simbole en beskrywings van spesifieke fenomene soos dit in die navorsingsproses ontvou.

Verder meen Chenail (2000) dat die kwalitatiewe metodes gepas is wanneer die navorser 'n houding van "curious investigator" teenoor die fenomene inneem.

> If curiosity is the tenor of your relationship, if you want to know more about the particulars of the subject (i.e., what you already know about the subject is limited), then you should most likely approach your project from a qualitative research perspective. A hallmark of the qualitative

approaches is their emphasis on open-mindedness and curiosity (Chenail, 2000, http://www.nova.edu/ssss/QR/QR4-3/sevencs.html).

Die verwysing na "curiosity" dui op 'n nuuskierigheid of weetgierigheid van die navorser om die fenomeen beter te wil verstaan. Dit sluit aan by 'n navorsingsontwerp wat ondersoekend en verduidelikend of "explanatory" van aard is. Derhalwe wil die navorser in hierdie studie 'n ondersoekende houding inneem, terwyl daar ooreenkomstig verduidelikende navorsing gepoog gaan word om die navorsingsfenomeen so deeglik moontlik te beskryf. Dit is dus nie hipotese-toetsende navorsing nie, maar eerder eksplorerende navorsing met die moontlikheid dat hipoteses vir verdere navorsing genereer kan word.

In aansluiting by die navorsingsvraag is dit nodig om die emotiewe beleweniswêreld van individue en die wyse waarop die emotiewe konstruksisteem in interaksie met musiek konstrueer word, te verstaan. Die navorser probeer om so 'n verstaan te bewerkstellig deur sin te maak van individue se kontrueringsprosesse met betrekking tot die emosies wat binne spesifieke situasies en in assosiasie met bepaalde musiek ervaar word. Hiervoor benodig die navorser die samewerking van die deelnemers wat weer 'n "collaborative action research or collaborative inquiry approach" (Chenail, 2000, http://www.nova.edu/ssss/QR/QR4-3/sevencs.html) veronderstel.

Kwalitatiewe navorsing veronderstel egter ook dat die navorser subjektief betrokke is by die ontvouing van die fenomene in die konteks van die navorsing.

Dit impliseer dat die uitkoms van die navorsing noodwendig verband sal hou met die navorser se eie konstruering en nie noodwendig die presiese weergawe van die deelnemers se emotiewe konstrukte volgens bepaalde kriteria kan wees nie. Die navorser sal egter poog om die emotiewe konstrukte wat in die navorsingsproses identifiseer word, so getrou as moontlik weer te gee as verduidelikings van die emotiewe belewenisse of gevoelens van die individue self. Hiervoor word eksploratiewe of verklarende navorsing erken as 'n aanvaarde ontwerp om die navorsingsproses en die uitkomste te verduidelik (Neuman, 1994; Van Schalkwyk, 1998).

Die navorsingsontwerp word vervolgens in hierdie hoofstuk verder bespreek. Daar word veral aandag gegee aan die kwalitatiewe benadering, die ondersoekende aard van die navorsing en die repertoriumtegniek wat as metode gebruik is. Prosedures vir die insameling en voorstelling van die data wat aansluit by Kelly (1955) se konstrukteorie en 'n kwalitatiewe benadering, word ook bespreek.

## 4.2 'n Kwalitatiewe benadering

'n Ondersoekende benadering tot die fenomene wat in hierdie navorsing bestudeer is, sluit aan by 'n kwalitatiewe benadering wat in die fenomenologie ter sake is. Hierdie benadering is veral van toepassing vir die bestudering van gedrag in interaksie met die konteks waarin dit tot stand kom. Plug, Meyer, Louw

en Gouws (1988) beskryf die fenomenologie as 'n metode waardeur navorsers individue se gedrag en ervarings binne die raamwerk van hulle eie beleweniswyses wil verstaan. Fenomenologie word deur Giorgi (in Van Vuuren, 1989, p.65) ook beskryf as:

> ...the study of how things appear to consciousness. Phenomenology takes 'phenomena' in a strict sense to mean how things and events are for the consciousness that behold them and not how they are in themselves.

In die studie van emosie en die rol van musiek in die emotiewe konstrueringsproses gaan dit oor die mens as bewuste wese wat in interaksie met die wêreld dinge ervaar. Dit gaan oor die alledaagse wêreld waarin mens leef en die werklike situasies waarin hulle hulself bevind (Giorgi, 1983). Dit is dus 'n beskrywing van hoe mense betekenis gee aan hulle subjektiewe belewenisse wat van belang is.

Die subjektiwiteit van hierdie ervarings en handelinge is ter sake, eerder as een of ander objektief, kenbare realiteit. Dit gaan ook nie oor 'n begrip van 'n totaliteit van ervarings nie, net oor 'n aspek daarvan. Uiteindelik gaan dit oor 'n verstaan "within the lived context of the one living through the situation and as those aspects are perceived and understood by the researcher" (Giorgi, 1983, p.99).

Kelly (in Meyer *et al.*, 1989) se konstrukteorie kan nie *per se* as 'n fenomenologiese teorie beskryf word nie. Hy verwys egter na hierdie filosofiese uitgangspunt wanneer hy klem lê daarop dat die werklike voorkoms van die wêreld van minder belang is as die mens se subjektiewe voorstelling en belewing daarvan. Die mens se voorsteling van die wêreld is sy of haar persoonlike werklikheid. Ons enigste toegang tot die eksterne realiteit is ons subjektiewe kennis en ervaring van daardie realiteit. Ons ken nie die realiteit soos dit is nie, ons ken dit net deur ons konstruering daarvan en die konstrukte wat ons gebruik om die realiteit te voorspel.

Konstrukte word deur ons geskep en kan ook verander word ten einde meer effektief te wees. Dit gaan vir Kelly (1955) nie soseer oor die mate waartoe individue se konstruering van die realiteit ooreenstem met die 'ware' realiteit nie. Hierdie sogenaamde 'ware' voorkoms van die realiteit is vir hom minder belangrik as die individu se interpretasie en ervaring daarvan. Dit het tot gevolg dat individue hulle omstandighede kan manipuleer en dat hulle nie op 'n deterministiese wyse aan die genade van die eksterne realiteit oorgelewer is nie (Meyer *et al*, 1989). Hierdie benadering plaas Kelly se konstrukteorie tereg binne die fenomenologiese denkraamwerk.

Net soos die wêreld en situasies subjektief beleef word, het individue 'n subjektiewe belewenis van musiek. Musiek is 'n individuele ervaring vir elke luisteraar, ongeag die spesifieke struktuur van die musiek en die konteks

waarbinne met musiek in interaksie getree word (Van Schalkwyk, 1998). Hiermee word nie bedoel dat die struktuur van die musiek nie 'n rol speel in die aard van die gevoelens wat ervaar word nie. Daar word eerder erkenning gegee aan die vorige ervaringe en assosiasies wat die luisteraar na sy eie luisterervaring saambring.

'n Musikale belewenis is egter nie 'n geïsoleerde belewenis nie, maar 'n interaksie van gevoelens wat die persoon binne die konteks van sy leefwêreld ervaar en die gevoelens wat deur die musiek ontlok word. Die musiek kan derhalwe as 'n versterker of "amplifier" van die kontekstuele gevoelens beskou word. In hierdie opsig is die betekenis van musiek in die konteks 'n subjektiewe interpretasie en gee dit aanleiding tot uniek persoonlike emotiewe konstruerings.

In die ondersoekende benadering wat in hierdie studie gevolg wil word, word aandag gegee aan die individu se emosies in sekere situasies in interaksie met musiek. Dit is die individu se unieke betekenis eerder as eksakte feite ten opsigte van die belewenis. Die struktuur van die musiek kan beskou word as die meer feitlike aspek van musiek, terwyl die betekenis wat binne verskillende kontekste bydra tot die emotiewe konstruering van die luisterervaring 'n uitsluitlik subjektiewe aksie is. Dit impliseer dat die emotiewe belewenis wat die musiek vir die luisteraar inhou, ook as 'n versterking kan dien van die emotiewe belewenis van sy of haar konteks, of die vorige situasie of emosie waaraan hy of sy in die konteks van die navorsingsproses aan dink.

## 4.3 Deelnemers

In kwalitatiewe navorsing word nie van enige metode vir steekproeftrekking gebruik gemaak nie. Daar word eerder 'n aantal kriteria gestel waaraan deelnemers of respondente behoort te voldoen om by die navorsingsproses ingesluit te kan word (Neuman, 1994). Die kriteria dien as riglyne vir die seleksie van gepaste respondente ten einde die fenomeen wat ondersoek word, verstaanbaar te maak en verduidelikings te kan gee wat toepaslik vir die navorsingsontwerp sal wees. Die kriteria word ook gerig deur die teoretiese raamwerk wat die studie onderlê en in hierdie opsig is konsepte wat in Kelly (1955) se konstrukteorie relevant is, ter sake.

Die fokus van hierdie studie is primêr gerig op die verstaan van individue se emotiewe konstruering in interkasie met musiek. Aangesien die sekondêre fokus gerig is op individue se konstruering van emotiewe beleweniswêreld binne 'n intieme, diadiese verhouding, is die eerste kriterium dat respondente in 'n verhouding betrokke moet wees, spesifiek soos dit in die romantiese verhouding manifesteer. Die romantiese verhouding impliseer in baie gevalle 'n huwelik, maar kan ook verwys na verhoudingsmaats wat volgens ooreenkoms in 'n langtermyn, permanente verhouding betrokke is en wat soms tot 'n huwelik kan lei.

Om getroud te wees is dus nie 'n voorvereiste vir deelname aan hierdie studie nie. Verhoudingspare moet egter wel 'n wedersydse verbintenis ("committment") tot mekaar hê en ten minste twee jaar al in die spesifieke verhouding wees. Die rede hiervoor is dat individue wat in sodanige verhoudings betrokke is, ooreenkomstig Kelly (1955) se sosialiteitstelling, 'n behoefte behoort te hê om mekaar se konstrueringsprosesse te verstaan ten einde toepaslike response te kan genereer (sien Hoofstuk 2 in hierdie studie). Die aard van die verhouding veronderstel ook dat individue emotiewe belewenisse ten opsigte van onder andere konfliksituasies het wat meer intens beleef word as wanneer die aard van die verhouding anders sou wees.

Die tweede kriterium vir seleksie van deelnemers sluit aan by Kelly (1955) se benadering dat drie elemente telkens in die konstrueringsproses en die vorming van 'n konstruksisteem gebruik word. Derhalwe is **drie** verhoudingspare by die studie ingesluit. Soos reeds hierbo genoem, is hierdie studie die navorser se eie konstruering van die emotiewe konstrukte van individue wat in 'n verhouding betrokke is. Deur van drie verhoudingspare of 'elemente' in die navorsing gebruik te maak, word daar op metavlak aangesluit by die teoretiese onderbou. Van die drie verhoudingspare wat aan die studie deelgeneem het, was twee van die pare getroud, terwyl die derde paar ongetroud was, maar reeds vir 'n lang tyd in hul verhouding betrokke was en van plan was om in die huwelik te tree.

'n Derde kriterium is die wenslikheid in ondersoekende kwalitatiewe navorsing dat die navorser en die deelnemers mekaar se taal en kultuur moet verstaan (Kvale, 1983; Neuman, 1994). Dit is veral ter sake wanneer emotiewe konstrukte geverbaliseer moet word soos wat dit in hierdie studie ter sake is. Die individuele deelnemers is dus almal blanke, Afrikaansprekende individue. Dit het die proses om emosies en gevoelens te verbaliseer vergemaklik, alhoewel taal en kultuur nie as 'n uitsluitingskriteria beskou is nie.

Ten slotte is individue as deelnemers geselekteer vir hulle beskikbaarheid en bereidwilligheid om aan die navorsing deel te neem. Verhoudingspare is genader om aan die ondersoek deel te neem wat vir die navorser toeganklik was en wat aan die kriteria hierbo voldoen het. Die eerste verhoudingspaar het ook as informante gedien vir die identifisering van ander verhoudingspare wat aan die kriteria voldoen het. Sodoende kon die navorser drie verhoudingspare identifiseer wat aan die ondersoek kon deelneem (Welman & Kruger, 1999).

## 4.4 Metode

Die repertoriumtegniek is oorspronklik deur Kelly (1955) ontwerp as 'n metode om die persoonlike konstruksisteme van persone in kliniese terapie te ondersoek. Die repertoriumtegniek omsluit drie hoofkomponente:

- Elemente: Definiëring van die area van konstruering wat ondersoek word.

- Konstrukte: Die maniere waarop 'n persoon elemente groeppeer en differensieer.
- Verbindingsmeganismes: Die wyse waarop elke element volgens elke konstruk beoordeel word.

Die laaste komponent, die verbindingsmeganisme, is uitsluitlik van toepassing op die repertoriumrooster waar die onderlinge verhouding tussen konstrukte bestudeer word. Dit is egter nie in hierdie studie relevant nie, omdat die fokus eerder op die ontlokking en uitbreiding van die emotiewe konstrukte val, as op die onderlinge verhouding van hierdie konstrukte met die elemente.

### 4.4.1 Die repertoriumrooster

Doe oorspronklike repertoriumrooster (REP-rooster) is ontwikkel ten einde vas te stel hoe persone belangrike ander in hul lewens konstrueer. Die konstrukte wat op die rooster gereflekteer word, word geïdentifiseer volgens beskrywings van die ervarings van die individu in verhoudings met hierdie mense. Die rooster gee nie 'n weerspieëling van die verhoudings nie, maar eerder van die persepsies wat mens van die mense het met wie daar 'n verhouding bestaan.

Mendoza (in Beail, 1985) beskryf die doel van die REP-rooster as 'n manier om ons in te lig oor die wyse waarop ons sisteem van persoonlike

konstrukte ontvou. Dit verskaf ook inligting ten opsigte van beperkinge en moontlikhede van die konstruksisteem. Geen rooster kan die konstruksisteem van 'n persoon volledig reflekteer nie. Deur interpretasies van situasionele gegewens kan die rooster egter uitgebrei word om 'n duideliker beeld van 'n persoon se konstruksisteem te verkry.

Net soos ons die wêreld konstrueer, het ons ook sekere konstruerings van die mense wat saam met ons in die wêreld leef. Ten einde betekenisvol in interaksie met iemand anders te wees, is dit nodig dat ons probeer om ten minste 'n sekere gedeelte van die persoon se konstruksisteem deur ons eie konstruerings te kan voorspel.

> Harmonious social interaction requires that one person psychologically places himself or herself in the shoes of another so that he or she is better able to understand and predict the other's present and subsequent behaviour (Hjelle & Ziegler, 1992, p.412).

Volgens Kelly (1955) is dit verder nie noodwendig soortgelyke konstruerings wat van belang is nie, maar die effektiewe konstruering van mekaar se konstrueringsprosesse. Kelly beskou dit as die basis van alle sosiale interaksie wat lei tot sosiale begrip en belangriker is as bloot gedeelde ervarings. Sosiale begrip vereis noodwendig effektiewe

konstruering van mekaar se konstrukte ten einde 'n ander se gedrag te kan antisipeer en jou eie gedrag daarby te kan aanpas.

In die diadiese verhouding sou sodanige wedersydse kennis en insig van verhoudingsmaats se emotiewe konstrueringsprosesse ook waarde hê vir die hantering van probleemsituasies. Wanneer 'n verhoudingspaar probleme ervaar, of wanneer daar 'n behoefte aan verryking in die verhouding bestaan, is sodanige kennis en insig veral belangrik. Dit dien as 'n basis waarvandaan daar gewerk kan word aan die oplossing van die probleem. Die REP-rooster kan gebruik word om sodanige konstrueringsprosesse bloot te lê en tot groter insig en begrip te lei.

In hierdie studie is die REP-rooster aangepas om meer spesifiek emotiewe konstrukte te ontlok. Die REP-rooster is al op verskeie maniere aangewend, alhoewel die literatuur daaroor beperk is. Musiek is ook selde in die konteks soos in hierdie studie beoog, gebruik. Emotiewe belewenisse van musiek is eerder nagevors ten opsigte van die komponente in die struktuur van die musiek wat emosies ontlok. Die navorser is egter van mening dat die gebruik van musiek as element op die REP-rooster groot waarde kan hê vir die blootlegging van emotiewe konstrukte en het dit derhalwe as element by die repertoriumtegniek ingesluit.

Musiek is dus gebruik as een van die elemente van die rooster met die doel om die emosies te versterk sodat die konstrukte meer effektief ontlok kan word. Die verdere elemente van die REP-rooster is saamgestel uit konfliksituasies wat in die verhouding ter sake is en wat deur die verhoudingspaar in die aanvangsonderhoud geïdentifiseer word. Emotiewe konstrukte is sodoende ontlok wat verband hou met die konfliksituasies wat deur die verhoudingspaar ervaar word en wat deur die musiek tydens die konstrueringsproses versterk is. Hierdie kombinasie van elemente kan baie bruikbaar en waardevol wees vir die bewuswording van die individu se emotiewe leefwêreld in die verhouding.

### 4.4.2 Die repertoriumtoets

Die repertoriumtoets (REP-toets) soos dit oorsponklik deur Kelly (1955) gebruik is, is gemik op rolkonstrukte. Die doel is hoofsaaklik om insig te verkry in die persoonlike en sosiale gedrag van 'n persoon. Elemente wat hiervoor gebruik word, is persone waarmee die respondent in sy of haar alledaagse lewe te doen het. Die REP-toets is dus gemoeid met die respondent se verhoudings met die spesifieke persone in sy of haar lewe.

In die oorsponklike toepassing van die REP-toets is daar aan die respondent 'n roltitellys gegee. Dit kan mondelings oorgedra word of die respondent kan die lys in 'n geskrewe formaat ontvang. Die respondent

gee aan elke rol 'n naam van 'n persoon wat volgens hom of haar die beste verteenwoordiger is van die rol wat ter sprake is. Die toetsafnemer gebruik die lys van name en gee telkens aan die respondent 'n kombinasie van drie van die rolle of persone. Daar is geen spesifikasies van die volgorde waarvolgens of spesifieke samestelling van elemente wat deur die toetsafnemer aan die respondent voorgehou word nie en die toetsafnemer het dus 'n vry hand in die wyse waarop die elemente gekombineer word.

Die respondent moet telkens aan die toetsafnemer sê in watter belangrike opsig twee van hierdie persone of rolle dieselfde en anders is as die derde persoon of rol. Hierdie konstrukte word noukeurig deur die toetsafnemer genoteer (Fig. 4-1).

Nommers

| # | DEEL A | KONSTRUK | KONTRAS |
|---|---|---|---|
| 1. | 10,11,12 | ____________ | ____________ |
| 2. | 6,13,14 | ____________ | ____________ |
| 3. | 6,9,12 | ____________ | ____________ |
| 4. | 3,14,15 | ____________ | ____________ |

***Figuur 4-1:*** 'n Voorbeeld van die formaat vir die notering van konstrukte volgens die repertoriumtoets waar Deel A na die rolle of persone verwys

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In hierdie studie is dieselfde prosedure ten opsigte van die identifisering van elemente gevolg. Die konstrukte kan egter in ooreenstemming met die formaat vir die REP-rooster genoteer word (Fig. 4-2) wat dit vir die navorser moontlik maak om die konstrukte wat deur die elemente ontlok word, duidelik bloot te lê.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | No. | Ontluikende pool | Implisiete pool |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | | | 1 | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | 2 | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | 3 | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | 4 | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | 5 | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | 6 | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | 7 | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | 8 | | |

***Figuur 4-2:*** 'n Voorbeeld van die repertoriumrooster vir die notering van konstrukte

Die elemente of konfliksituasies wat vooraf deur die navorser en die respondente geïdentifiseer is en die musiek as element, word op die rooster by 1-15 aangetoon. Hiervolgens word die emotiewe konstrukte wat deur die elemente ontlok word, onderskeidelik as ontluikende en implisiete pole aangeteken. Die ontluikende pool dui op elemente wat as

manifeste emotiewe belewenisse konstrueer word, terwyl die implisiete pool verwys na latente konstrukte wat ook met die emotiewe belewenis verband hou.

### 4.4.3 Deelnemende navorsing en onderhoud as metode

Chenail (2000) meen:

> If collaboration is the tenor of your relationship, if you want to examine the community's needs by involving the perspective of non-researchers in all aspects of the inquiry...then you should approach your project form a collaborative action research or collabortive inquiry approach ...[with the] emphasis on building networks... (Chenail, 2000, http://www.nova.edu/ssss/QR/QR4-3/sevencs.html).

In deelnemende navorsing is die onderhoud 'n belangrike deel van die aksienavorsingsproses. Die onderhoud kan verskeie vorme aanneem wat wissel van gestruktureerd tot ongestruktureerd (Smit, 1985). In hierdie navorsing is hoofsaaklik van semigestruktureerde onderhoudvoering gebruik gemaak. 'n Vooronderhoud word met elke verhoudingspaar gevoer. Dit kan beskou word as 'n semigestruktureerde onderhoud daarin dat die navorser die aard van die studie aan die hand van 'n duidelike uiteensetting van die prosesse daarby betrokke aan die verhoudingspaar

verduidelik. Tydens hierdie semigestruktureerde onderhoud identifiseer die navorser ook saam met die betrokke verhoudingspaar konfliksituasies waarin hulle sterk emotiewe belewenisse het en wat later as elemente vir die REP-toets gebruik kan word.

'n Tweede onderhoud word afsonderlik met elkeen van die individue binne die spesifieke verhouding gevoer. Tydens hierdie onderhoud word 'n meer gestruktureerde benadering gevolg aangesien van die individu verwag word om die elemente te konstrueer soos wat dit aan hom of haar deur die navorser of toetsafnemer aangebied word. Daar is 'n duidelike prosedure by die afneem van die tegniek betrokke en die onderhoud verloop streng volgens hierdie prosedure. Tydens die tweede onderhoud hou die navorser telkens aan die individu 'n kombinasie van drie elemente voor wat hy of sy dan emotief moet konstrueer. Die tweede onderhoud word op dieselfde wyse maar afsonderlik met albei individue van elke verhoudingspaar gevoer.

Aangesien daar in hierdie ondersoek ook vasgestel wil word hoe verhoudingsmaats mekaar se emotiewe belewenisse konstrueer, is 'n derde onderhoud met albei individue onderskeidelik gevoer. Tydens hierdie onderhoudsessie voltooi elke individu die uitruilrooster. Die individue konstrueer nou die elemete soos wat hy of sy dink dat die verhoudingsmaat dit sal konstrueer. Weereens hou die navorser telkens

aan die individu die spesifieke kombinasie van elemente onderskeidelik voor (in dieselfde volgorde as tydens die tweede onderhoud) wat die individu dan vir sy of haar verhoudingsmaat moet konstrueer. Die proses om 'n verbale etiket te vind om die konstruering van die verhoudingsmaat uit te beeld, is dikwels nie so problematies as wat dit ten opsigte van die individu se eie konstruering van die elemente is nie.

Die finale onderhoud word met die onderskeie verhoudingspare gevoer om aan hulle terugvoer te gee met betrekking tot hul konstrueringsproses. Hiertydens word net gefokus op die emotiewe konstrukte soos dit onderskeidelik deur die individue in die konstrueringsproses na vore gekom het. Die navorser gee ook terugvoer aan die individue met betrekking tot die kennis wat hulle van mekaar se konstruksisteme in die uitruilroostertoets openbaar het.

### 4.5 Geldigheid en betroubaarheid van die repertoriumtegniek

In kwalitatiewe navorsing is geldigheid en betroubaarheid in baie opsigte kontroversiële konsepte. Kvale (1983) meen dat geldigheid daarop dui dat 'n metode meet wat dit veronderstel is om te meet, terwyl Kelly (in Banister, 1986, p.177) geldigheid definieer as "the capacity of a test to tell us what we already know". Winter (2000) beweer dat "'validity' is not a single, fixed or universal concept, but rather a contingent construct, inedscapably grounded in the

processes and intentions of particular research methodologies and projects" (http://www.nova.edu/ssss/QR/QR4-3/winter.html).

Die geldigheid van die repertoriumtegniek kan ook nie sonder meer aanvaar word nie. Die navorser wil ook nie daarop aanspraak maak nie. Weens die abstrakte aard van die emotiewe beleweniswêreld soos in hierdie studie vanuit 'n fenomenologiese oogpunt bestudeer word, kan die geldigheid van die tegniek verantwoord word daarin dat dit 'n proses is "for developing sounder interpretations of observations" (Kvale, 1983, p.4). Daar word gepoog om 'n akkurate en geloofwaardige voorstelling te gee van die fenomeen wat ondersoek is.

Eksploratiewe en verduidelikende navorsing is egter tentatief van aard. Hierdie navorsing is nie gegrond op verklarende heuristieke nie en daar kan nie aanspraak gemaak word op eksterne of konstrukgeldigheid nie. Die doel van die studie is ook nie om te veralgemeen nie omdat "qualitative research almost exclusively limits itself to 'internal' generalisations" (Winter, 2000, http://www.nova.edu/ssss/QR/QR4-3/winter.html). Die geldigheid van hierdie ondersoekende en verduidelikende navorsing is dus eerder geleë in die navorser se vermoë om aan die hand van die tegniek wat gebruik word die emotiewe konstrukte van individue in 'n diadiese verhouding bloot te lê en hulle emotiewe belewenisewêrelde korrek en geloofwaardig te konstrueer.

Die repertoriumroostertegniek as 'n metode is reeds op verskeie maniere vir kliniese en navorsingsdoeleindes toegepas. Daar is ook 'n groot variasie van elemente in hierdie studies gebruik. Bannister en Mair (1968, p.52) meen dat die repertoriumrooster nie bloot as 'n toets of meetinstrument gesien moet word nie, maar eerder as 'n metode "which for many purposes, is extremely variable. It allows for the use of many different types of elements, constructs and scoring systems".

Hoewel daar nie spesifieke kriteria vir die versekering van geldigheid van die repertoriumtegniek bestaan nie, kan geldigheid verkry word deur die konsekwente toepassing van die proses. In hierdie opsig moet die navorser verseker dat al die individue wat aan die navorsing deelneem op dieselfde wyse benader word. Daar moet noukeurig gelet word daarop dat die proses vir die voltooing van die REP-rooster, telkens op dieselfde wyse uitgevoer word. Hierdeur kan verseker word dat die beskrywings en konstruering wat uiteindelik aan die hand van die response gemaak word, die leser sal oortuig van noukeurige ondersoek en die herhaalbaarheid van die studie moontlik maak.

Betroubaarheid het hoofsaaklik te make met die herhaalbaarheid van navorsing deur gebruik te maak van dieselfde metode van ondersoek. Hoewel die herhaalbaarheid van die toepassing van die tegniek sover moontlik deur noukeurige beskrywing van die navorsingsproses verseker kan word, identifiseer Bannister en Mair (1968) verskeie faktore wat die roostermeting se

betroubaarheid affekteer. 'n Aspek wat die betroubaarheid problematies maak, het veral te make met die veranderlikheid van konstrukte. "The experience corollary states that a person's construction system varies as he successively construes the replications of events" (Bannister & Mair, 1968, p.166).

Aangesien enige konstruering intrinsiek 'n voorspelling is wat binne die konteks van 'n spesifieke situasie gemaak word, kan die persoon wat konstrueer drie basiese uitkomste verwag. Die eerste moontlike uitkoms kan wees dat dit 'n akkurate konstruering is. Met ander woorde die voorspellingswaarde van die bepaalde konstruk is hoog. Tweedens kan dit gebeur dat die bepaalde konstruk nie effektief in die konstruering van die situasie is nie. Die voorspellingswaarde van sodanige konstruk is met ander woorde nie doeltreffend met betrekking tot die spesifieke situasie nie. Derdens kan dit wees dat die situasie buite die reikwydte van toeganklike konstrukte lê. Konstrukte is ook nie noodwendig kernkonstrukte wat op 'n vaste wyse gebruik word nie, maar is eerder plooibaar en veranderlik. Dit is juis hierdie veranderlikheid wat problematies is ten opsigte van die betroubaarheid van die repertoriumtegniek.

Bogenoemde beskrywing van die konstrueringsproses dui op die belangrike probleemfaktore met betrekking tot die betroubaarheid van roostermentings.

- Die eerste faktor wat deur Bannister en Mair (1968) geïdentifiseer is, is **subsisteemvariansie**. Volgens die reikwydtestelling in Kelly (1955) se teorie word bepaal dat 'n konstruk net van pas is vir die antisipasie van 'n beperkte

reeks van gebeurtenisse. Verder het reikwydte nie net te make met die konstrukte self nie. Konstruksisteme as geheel kan gesien word as dat dit uit 'n aantal subsisteme bestaan wat elkeen weer 'n eie reikwydte van bruikbaarheid het. Strukturele verskille tussen subsisteme is onvermydelik en subsisteemvariansie problematies. Dit blyk dus waarskynlik dat betroubaarheidsverskille ook tussen roosters wat ontwerp word om die verskillende subsisteme te ondersoek, sal bestaan (Bannister & Mair, 1968).

- Die tweede faktor wat deur Bannister en Mair (1968) identifiseer is, is **konstrukvariansie**. Die idee van verandering is 'n intrinsieke eienskap van konstruksisteme en impliseer dat spesifieke konstrukte differensiële grade van stabiliteit oor tyd vertoon. Hier word verwys na die idee dat konstrukte voortdurend aan verandering en aanpassing onderwerp is ten einde hulle funksionaliteit te verhoog. Dit sal daarom raadsaam wees om aan te neem dat enige individu beide stabiele en minder stabiele konstrukte in sy of haar konstruksisteem het en dat dit lei tot konstrukvariansie.

- Bannister en Mair (1968) identifiseer as derde probleemfaktor **individuele variansie**. Een van die vernaamste beginsels van die konstrukteorie is dat individue verskil met betrekking tot die wyse waarop hulle gebeurtenisse konstrueer (individualiteitstelling).

- In aansluiting met die individuele variansie, identifiseer Bannister en Mair (1968) ook **groepvariansie**. Die sosialiteitstelling sê dat "to the extent that one person construes the processes of another, he may play a role in a process involving the other person" (Kelly in Bannister & Mair, 1968, p.173). Individue kan dus mekaar se konstrueringsproses beïnvloed en bydra tot die verandering daarvan. Dieselfde geld ook vir die wederydse invloed van groepe op mekaar se konstrueringsprosesse.

Die waarskuwing wat Bannister en Mair (1968) dus tot navorsers rig wat die repertoriumtegniek wil gebruik, is dat daar nie veralgemeen moet word met betrekking tot die betroubaarheid van die roostertegniek vir verskillende individue en groepe waarop die rooster geïmplimenteer word nie. Dieselfde geld ook vir verskillende konstrueringsprosesse.

Die fokus van hierdie studie is egter op die identifisering van emotiewe konstrukte en die rol wat musiek vir die uitbreiding van sodanige konstrueringsprosesse kan speel. Verder is die voorstelling wat van die individuele kontruksisteme gegee word, die konstruering deur die navorser van die emotiewe beleweniswêrelde van die individue binne die verhoudings. Dit is dus nie van belang dat die betroubaarheid moeilik vasgestel kan word nie. Wel van belang is dat die repertoriumrooster geloofwaardige konstruering deur die navorser moontlik sal maak.

## 4.6 Geloofwaardige konstruering

Van Schalkwyk (1998) meen dat geloofwaardigheid in musieksielkundige navorsing van groot belang is. Dit kan verseker word deurdat die navorser deurlopend bewus bly daarvan dat beide syself en die fenomeen wat ondersoek word, deel vorm van die prosesse wat in die navorsingskonteks na vore kom. Elkeen dra by tot die interaksies en verhoudingspatrone wat in die konteks ontvou. In die model wat Van Schalkwyk voorstel, onderskei sy tussen (i) 'n navorser wat (ii) 'n navorsingsfenomeen waarneem of ondersoek sodat (iii) 'n uitkoms in 'n (iv) begrensde ruimte in tyd (konteks) tot stand kom.

> Al vier dimensies is komplementêr en interafhanklik verweef met mekaar en met die fenomeen wat ondersoek word en die intensies, doelwitte en verskillende navorsingsaktiwiteite van musieksielkunde navorsing kom na vore in die geheel van die navorsingskonteks. Die navorsingsproses is dus dinamies (Van Schalkwyk, 1998, p.135).

Met betrekking tot hierdie studie kom daar in die konteks van die onderhoude wat met die onderskeie lede van die verhoudingspare gevoer word, 'n spesifieke verhouding tussen die navorser en die deelnemende respondente tot stand in die proses waar die respondente se emotiewe konstrukte deur die navorser op die REP-rooster ingevul word. Die uitkoms is die navorser se uiteindelike konstruering van die emotiewe konstruksisteme van die individuele respondente. Vanuit die deelnemende proses word sekere realiteite gekonstrueer, interpreteer

en betekenis gegee wat 'n geloofwaardige weergawe van die volledige proses moet wees. "Rather, the process of establishing the trustworthiness of any study comes down to the quality of the relationship built between the researcher and the community of readers and critics who examine the study" (Atkinson, Heath & Chenail, 1991 in Chenail, 1995, http://www.nova.edu/ssss/QR/QR2-3/presenting.html).

Hanson (1995), Mead (1962) en Van Schalkwyk (1998) meen dat geloofwaardigheid verband hou met die proses van selfverwysing wat 'n inherente eienskap van kwalitatiewe navorsing behoort te wees. Selfverwysing is uiteraard 'n subjektiewe proses wat van persoon tot persoon of navorser tot navorser sal verskil. "Refleksiwiteit, as meganisme van selfverwysing...[is] veral relevant vir die begronding van die navorsingsproses in geloofwaardige, ko-konstrueerde navorsingsrealiteite" (Van Schalkwyk, 1998, p.142).

Verskillende navorsingsrealiteite is moontlik volgens elke navorser se eie unieke verwysingsraamwerk en betrokkenheid by die konteks van die navorsing. Hierdie navorsingsrealiteite verskil volgens die verwysingsraamwerk, evaluerings en interpretasies wat deur die navorser van die waarnemings in die konteks gemaak word. Geloofwaardige konstruering van die fenomeen wat waargeneem is, is dus geleë in die navorser se vermoë om sensitief te wees vir die wyse waarop inligting in die navorsingskonteks na vore kom sodat dit noukeurig

gerapporteer kan word en die navorsingsrealiteit so getrou moontlik weergegee kan word. Dit moet die leser kan oortuig.

In hierdie navorsing is geloofwaardigheid dus meer relevant as geldigheid en betroubaarheid. Geloofwaardigheid is ook van belang in die konstruering van ons eie en mekaar se konstruksisteme sodat dit funksioneel in verskillende situasies kan wees. Indien verhoudingsmaats geloofwaardige konstruerings van mekaar se emotiewe konstruksisteme kan maak, sal dit bydra tot groter begrip van mekaar se verwagtinge in die verhouding en die emosies wat moontlik ervaar kan word. Dit is ook die navorser se taak om die emotiewe konstruksisteme van die respondente wat aan die studie deelgeneem het, so goed en akkuraat as moontlik te konstrueer.

## 4.7 Proses

Ten einde data vir hierdie studie in te samel, is 'n kombinasie van die REP-rooster en die REP-toets as tegnieke gebruik. Dit stem ooreen met die toepassing wat Kelly (1955) oorspronklik voorgestel het. Die REP-toets se adminstrasie en die identifisering van konstrukte word gekombineer met die REP-rooster vir die uiteensetting van die konstrukte.

Die rasionaal vir die gebruik van albei metodes is geleë in die aard van die elemente wat in die konstrueringsproses gebruik word. Soos reeds aangetoon is

die fokus van die studie om emotiewe konstrukte wat in spesifieke situasies ter sprake is, te ontlok. Hiervoor is die REP-**toets** veral geskik. Die REP-**rooster** is egter geskik vir die notering van sodanige konstrukte ten einde die verband tussen die konstrukte te kan vasstel en insig in die konstruksisteem van 'n individu te verkry.

Daar gaan vervolgens gekyk word na die administrasie van die repertoriumtegniek, spesifiek met betrekking tot die gebruik daarvan in hierdie studie. Die wyse waarop die elemente gekies is en die proses waarvolgens die data ingesamel en noteer is, word ook bespreek.

### 4.7.1 Keuse van elemente vir die REP-toets

Die elemente vir die REP-toets in hierdie studie is verkry vanaf 'n semigestruktureerde vooronderhoud wat met elkeen van die verhoudingspare wat aan die studie deelgeneem het, gevoer is. Konfliksituasies is geïdentifiseer wat as elemente gebruik is. Soos aangetoon in Hoofstuk 2 is konfliksituasies gekies as verwysingsraamwerk vir die konstruering van emotiewe belewenisse omdat dit intense emosies ontlok en tot probleemsituasies in 'n verhouding aanleiding kan gee. Hierdeur word ander emosies wat in verhoudings ervaar word nie ontken nie, maar bloot vanweë die beperkte omvang van hierdie studie nie by die konstrueringsproses ingesluit nie.

Die verhoudingspaar besluit gesamentlik oor die spesifieke situasies wat in hulle verhouding aanleiding tot konflik kan gee. Daar is telkens vyftien situasies geïdentifiseer. Slegs tien van hierdie situasies soos dit na afloop van die eerste onderhoud deur die navorser in oorleg met die respondente geselekteer is, is as elemente vir die REP-toets gebruik. Die seleksie is gedoen op grond van die emotiewe inhoud wat die situasies vir die individue in die verhouding het. Situasies waarin albei respondente in die betrokke verhouding intense emotiewe betekenisse aandui, is dus geselekteer. Hierdie geïdentifiseerde konfliksituasies dien as twee van die elemente vir die REP-toets wat in opvolgonderhoude afgeneem word.
Musiek is telkens as derde elemente in die toets gebruik. Die musiek is deur die navorser self gekies. Daar bestaan nie enige kriteria vir die seleksie van musiek vir die versterking van emotiewe konstrukte nie en die navorser moes hiervoor haar subjektiewe oordeel gebruik. Daar is egter gepoog om 'n verskeidenheid van musikale style en genres te inkorporeer sodat dit in meer mense se smaak sal val en wel 'n mate van versterking van emotiewe belewenisse kan dien.

Verder is uitsluitlik instrumentale musiek gebruik ten einde te verseker dat respondente nie deur die lirieke in die musiek gelei word nie. Laasgenoemde is die enigste werklike kriterium waarvolgens musiek

geselekteer is om as elemente vir die REP-toets te dien. Die volgende musieksnitte is as elemente op die REP-rooster gebruik:

1. Rachmaninov
   Klavierconcerto no 2, Adagio sostenuto
   Pianis: Abby Aimon met die St Louis Symphony orchestra onder leiding van Leonard Slatkin
   The Great composers and their music series
2. Gary's funeral: Thirty Something
   Gekomponeer en uitgevoer deur Snuffy Walden, GEFD24413
3. As if there was no tomorrow uit Shine, Starcd6289
4. Chi mai
   Gekomponeer en uitgevoer deur Enrico Morricone, CDVIR(WF)307
5. Albinoni, Adagio in g mineur
   Verwerk deur Giazotto

Elke musieksnit duur ten minste 5 minute hoewel langer snitte van tot 20 minute ook ingesluit is. Die rede vir die duur van die musieksnitte is om aan te pas by die administrasie van die repertoriumtegniek as geheel en om nie té veel tyd van die respondente op te neem nie. Die musieksnitte is egter wel lank genoeg om aan respondente die geleentheid te gee om die emotiewe ervaring wat met die musiek assosieer word, te kan identifiseer. Dit was nie altyd nodig om die hele snit te speel nie aangesien die musiek net gespeel is vir solank as wat dit vir die individu nodig is om 'n emotiewe konstruk te identifiseer.

### 4.7.2 Administrasie van die repertoriumtegniek

Die repertoriumtegniek is gebruik met die musiek en die situasionele beskrywings van konfliksituasies as elemente van die domein van konstruering op die REP-toets. Daar is van die respondente verwag om die emosionele assosiasie wat met die musiek verband hou en die emotiewe belewenisse van die konfliksituasies te vergelyk en die ooreenkomste en verskille aan te toon. Hiervolgens kan elke individu 'n aanduiding gee van sy of haar eie emotiewe konstruk wat met die elemente verband hou.

Die vraag wat aan elkeen van die respondente gevra is, is om die emosie of gevoel wat hulle ervaar wanneer hulle na die stuk musiek luister te vergelyk met die emosies wat hulle in die onderskeie konfliksituasies ervaar. Daarna besluit die individu watter twee van die drie emotiewe belewenisse meer dieselfde is en watter een anders is. Hierdeur is gepoog om vas te stel hoe die individu die emotiewe konstrukte in alledaagse situasies gebruik.

Die navorser of toetsafnemer gee met ander woorde elke keer vir die respondent 'n kombinasie van drie elemente om te konstrueer. Die elemente bestaan uit twee situasionele beskrywings en een musieksnit. In ooreenstemming met die oorspronklike toepassing van die tegniek, is

daar geen spesifieke aanduiding van hoe die elemente saamgevoeg word nie. Die navorser kombineer dus die elemente volgens 'n subjektiewe persepsie van die emotiewe inhoude wat deur die betrokke situasies ontlok kan word.

In die toepassing van die tegniek is telkens agt konstruerings gedoen. Soos hierbo aangedui is daar geen vaste patroon vir die aanbieding van die elemente nie en kan die navorser haar eie kombinasie maak (sien ook Hoofstuk 5 vir die volgorde waarin die konfliksituasies as elemente vir elke verhoudingspaar ingesluit is). Vir die eerste vyf konstruerings is die volgende kombinasie van elemente aangebied:

- Musieksnit 1 tesame met situasies 1 en 2 (1, 6 en 7 op REP-rooster).
- Musieksnit 2 tesame met situasies 3 en 4 (2, 8 en 9 opr REP-rooster).
- Musieksnit 3 tesame met situasies 5 en 6 (3, 10 en 11 op REP-rooster).
- Musieksnit 4 tesame met situasies 7 en 8 (4, 12 en 13 op REP rooster).
- Musieksnit 5 tesame met situasies 9 en 10 (5, 14 en 15 op REP-rooster).

'n Mate van kruiskontrole is ingebou deur tydens die laaste drie konstruerings alternatiewe kombinasies van die elemente aan die respondente voor te hou. Musieksnitte 1 tot 3 is willkeurig met die konfliksituasies 1 tot 10 (6 tot 15 op REP-rooster) gekombineer. Daar is deeurgaans van die respondent verwag om te dink aan sy of haar emotiewe belewenisse ten opigte van die musiek en die twee situasionele beskrywings en dan die emotiewe konstrukte aan die hand van hierdie stimulus te konstrueer. Beide die situasionele beskrywing en die musiek kan dus as stimulus vir die respons dien.

Die respondent kan dus dink aan die emosies wat hy of sy in die situasies ervaar, sowel as aan die emotiewe belewenis wat ervaar word wanneer daar na die spesifieke musiekstuk geluister word. Die respondent moet uiteindelik besluit watter twee emotiewe belewenisse meer ooreenstemmend is en hoe dit van die derde element se emotiewe belewenis verskil.

Ten einde vas te stel wat die wedersydse begrip van mekaar se emotiewe konstrukte in die konfliksituasies is, voltooi die verhoudingspare die REP-toets ook volgens die uitruilroostermetode. Die uitruilrooster "enables two people to enter each other's phenomenological world by exchanging and using each other's contructs" (Mendoza in Beail, 1985, p.171). Daar word hiervolgens aanvaar dat verhoudingsmaats wat 'n goeie begrip vir mekaar

se emotiewe konstrueringsprosesse het, die elemente en kombinasies van elemente vir sy of haar maat op ooreenstemmende wyse sal konstrueer as wat die maat dit self sal konstrueer. Dit bly egter 'n subjektiewe proses en elke individu in die verhouding konstrueer die elemente van die toets volgens sy of haar eie persepsie van die ander se konstruksisteem.

Bogenoemde beskrywing van die administrasie van die repertoriumtegniek, impliseer dat die volgende datastelle vanuit die onderhoude met die individuele lede van die drie verhoudings afsonderlik en met die verhoudingspare gesamentlik bekom is:

- Een stel gemeenskaplike elemente (musiek en situasies). Hierdie stel elemente verwys na die konfliksituasies wat saam deur die paar geïdentifiseer is en die musiek wat deur die navorser gekies is. Dieselfde kombinasies van elemente word ook aan die twee individue gegee om onderskeidelik te konstrueer.

- Twee stelle emotiewe konstrukte. Die konstrukte verwys na die konstrukte op die ontluikende en die implisiete pool. Die ontluikende pool is die manifeste emotiewe konstrukte, terwyl die implisiete pool na latente emotiewe konstrukte verwys.

- Twee graderings van die self en die ander persoon in die verhoudingspaar. Dit verwys na elke individu se konstruering van die elemente en die emotiewe konstrukte soos wat hy of sy dink dat die verhoudingsmaat die elemente sal konstrueer.

### 4.7.3 Opsomming van die verloop van die data-insamelingsproses

Die verloop van die data-insamelingsproses kan as volg saamgevat word:

1. Tydens 'n semigestruktureerde vooronderhoud met die respondente word konfliksituasies geïdentifiseer wat vir die repertoriumtegniek gebruik gaan word.
2. Die toetsafnemer selekteer saam met die verhoudingspaar die tien verteenwoordigende situasies wat as elemente vir die REP-**toets.**
3. Die toetsafnemer/navorser selekteer vyf stukke musiek (sien 4.7.1 hierbo) wat as die derde element vir die REP-**toets** dien.
4. Tydens opvolgende gestruktureerde individuele onderhoudsessies met elkeen van die respondente word die gekose elemente deur die respondent gekonstrueer (sien 4.7.2 hierbo). Die instruksie is om na die musiek te luister en bewus te raak van die emotiewe belewenis wat ervaar word wanneer na die musiek geluister word. Terselfdertyd moet die persoon ook dink aan die twee situasies wat deur die toetsafnemer voorgehou word. Die respondent moet besluit watter twee ervaarde emosies meer ooreenstemmend is en

watter een anders is. Hierdie konstrukte word elkeen afsonderlik op die REP-**rooster** aangeteken.

5. Die prosedure by 4 word herhaal totdat al die elemente gekonstrueer is en al die respondente die toets vir hul eie konstruksisteme voltooi het.

6. Met 'n volgende reeks gestruktureerde onderhoude word die uitruilroostermetode met dieselfde respondente gedoen ten opsigte van hul persepsie van hul verhoudingsmaat se emotiewe konstrueringsproses. Die uitruilrooster impliseer dat dieselfde proses as by 4 in dieselfde opeenvolging van elemente (4.7.2 hierbo) herhaal word. Die respondente moet egter nou poog om die verhoudingsmaat se konstruering van die musiek en die situasies weer te gee. Hierdie konstruerings word op 'n afsonderlike REP-**rooster** aangeteken.

7. Die prosedure by 6 word herhaal met al die deelnemers.

8. Vervolgens word die konstrukte wat deur elke individuele respondent identifiseer is, asook die uitruilrooster, vergelyk en analiseer.

9. Terugvoer word aan die verhoudingspare gegee ten opsigte van hulle klaarblyklike kennis en insig van hul eie en mekaar se emotiewe konstrueringsprosesse.

Bogenoemde proses van data-insameling duur ongeveer 5 ure, maar dit is nie aaneenlopend nie. Die eerste onderhoud waarin die konfliksituasies geïdentifiseer word, duur omtrent een uur en die vier sessies waartydens die individuele konstruerings gedoen word, een uur elk. Die tydsduur sal varieer afhangende van hoe maklik of moeilik die betrokke respondente die emotiewe konstrueringsproses ervaar. Hoewel dit oënskynlik 'n lang proses is, is dit belangrik dat al die stappe noukeurig gevolg word ten einde die doel van die studie te verwesenlik en geloofwaardigheid te verseker. Wanneer al die stappe noukerig nagevolg is, kan die verhoudingsmaats sowel as die navorser insig en begrip verkry vir die wyse waarop elkeen sy of haar eie emotiewe konstruerings doen, asook hoe die voorspelling van die verhoudingsmaat se konstrueringsproses daar uitsien.

Dit is belangrik om daarop te let dat die volgorde waarin die elemente aan die individue in 'n spesifieke verhoudingspaar vir beide die individuele konstruering en vir die kosntruering op die uitruilrooster aangebied word, telkens diesielfde is. Hierdeur word 'n mate van betroubaarheid in die proses verseker en kan die navorser aanspraak maak op 'n geloofwaardige beskrywing van die proses van emotiewe konstruering.

## 4.8 Metode van analise

Verskeie metodes bestaan vir die analise van die repertoriumtegniek. Daar word hoofsaaklik onderskei tussen 'n kliniese analise wat betrekking het op die repertoriumtoets, terwyl 'n analise van die onderlinge verhoudings tussen konstrukte vanuit die repertoriumrooster gedoen word. Dit is ook moontlik om van 'n faktoranalise gebruik te maak ten einde die konstrukte en die verband tussen kontrukte te analiseer. Laasgenoemde is 'n metode van analise wat eerder in 'n kwantitatiewe navorsingsbenadering van toepassing is.

Alhoewel hierdie nie 'n kliniese studie is nie, is dit wel 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering en vereis die analise van die data dat 'n kwalitatiewe metode gebruik word vir die interpretasie en beskrywing van die data. Chenail (1995) beweer dat openheid 'n belangrike doelwit vir kwalitatiewe data-analise en "the reader should have ample opportunities to examine the particulars of the inquiry" (Chenail, 1995, http://www.nova.edu/ssss/QR/QR2-3/presenting.html). Die interpretasie en beskrywing van die data sal dus fokus op die detail van die onderhoude en die uitbreiding van emotiewe konstrukte in interaksie met musiek soos dit tydens hierdie onderhoude deur die respondente aangebied is.

Aangesien die individu se konstruksisteem altyd 'n subjektiewe konstrueringsproses is, kan die navorser nie daarop roem dat sy die konstruksisteme van die respondente volledig kan weergee nie. Die analise van

die data is dus eerder die navorser se konstruering van die emotiewe konstrukte wat deur die respondente tydens die onderhoude geverbaliseer is. Derhalwe sal 'n inhoudsanalise van die onderskeie protokolle gedoen word. Hiervolgens kan die respondente se emotiewe konstrukte soos hulle dit self aangebied het, ontbloot word en kan die navorser poog om 'n beeld te skep van die wyse waarop musiek 'n rol gespeel het in die uitbreiding van sodanige emotiewe konstrukte. Die analise van die uitruilrooster kan ook uitgebrei word om vas te stel wat die wedersydse kennis is wat die paar van mekaar se konstrueringsprosesse het.

Die elemente, die konfliksituasies en die musiek, en die konstrukte wat in die ontluikende en implisiete pole geïdentifiseer is, word vir doeleindes van analise op die REP-rooster uiteengesit (Fig.4-2). Die protokolle sal noukeurig ten opsigte van die emotiewe belewenisse wat in die ontluikende en implisiete pole na vore kom, interpreteer word. Sodoende sal die data op 'n natuurlike wyse, soos wat die fenomeen vir die navorser deur die loop van die navorsingsproses ontvou het, aangebied word (Chenail, 1995; Van Schalkwyk, 1998).

Verder moet daar deurgaans in gedagte gehou word dat die uitkoms van hierdie navorsingsproses die navorser se eie konstruering van die navorsingskonteks en die fenomeen wat ondersoek word, is. In hierdie opsig moet daar aandag gegee word aan die navorser se eie rol en subjektiewe betekenisgewing in die proses. Dit kan dus beskou word as die navorser se refleksie op die navorsingsproses en

haar waarneming van die realiteite en emotiewe konstrukte wat vir die respondente in die proses ontvou het.

Die fokus verskuif van die "observed world as object to a focus on the observing person as subject, to a focus on the place between subject and object, that is, the intersubjective domain where interpretation occurs in community with others" (Freedman & Combs, 1996, p.20). Hiervolgens moet die proses van data analise ook beantwoord aan die eise van ondersoekende en deelnemende navorsing. Die navorser bly oop vir nuwe inhoude wat vanuit die proses na vore mag kom en laat die respondente binne die grense van die repertoriumtegiek toe om hulle eie konstruering van hul emotiewe beleweniswêrelde weer te gee.

Wanneer die navorser tydens die laaste onderhoudsessie terugvoer aan die respondente gee, word daar 'n geleentheid geskep om die analises te verifieer en seker te maak dat die konstrukte wat op die REP-rooster aangeteken is, in ooreenstemming is met die wyse waarop die individu sy of haar eie konstrueringsproses beleef het. Hierdie terugvoerproses aan die respondente verhoog die geloofwaardigheid van die uitkoms van hierdie studie.

## 4.9 Slotsom

Deur middel van die ondersoekende en deelnemende navorsingsontwerp en die repertoriumtegniek van Kelly (1955) is 'n uiteensetting gegee van die wyse

waarop musiek en situasionele beskrywings van konfliksituasies as elemente van die domein van konstruering in hierdie ondersoek dien. Die tegniek stel die navorser in staat om vas te stel hoe die individu sy of haar emotiewe belewenisse in konfliksituasies konstrueer. Sodoende kan inligting bekom word ten opsigte van hoe elkeen self die konstruering van sy of haar eie emotiewe beleweniswêreld doen, sowel as hoedanig musiek in die konstrueringsproses speel. Die proses vir data-insameling volgens die REP-toets en die gebruik van die REP-rooster vir die notering van informasie, is ook duidelik uiteengesit.

Vanuit die ondersoekende benadering van eksploratiewe navorsing, is dit moontlik dat verskeie navorsingsrealiteite na vore kan kom. Vervolgens is die uitdaging vir die navorser om die insig en kennis wat ten opsigte van die rol van musiek in die uitbreiding van emotiewe konstrukte bekom is, op gelooofwaardige wyse aan die leser oor te dra. In aansluiting by hierdie hoofstuk word die protokolle van die respondente in die volgende hoofstuk weergegee en die interpretasie en bespreking van die relevante gegewens gedoen.

# HOOFSTUK 5

# DATA-ANALISE EN BESPREKING

## 5.1 Inleiding

Die datainsamelingsproses en die interpretasie van die data is die fokus van hierdie hoofstuk. Die navorser wil poog om deur middel van haar openheid ten opsigte van die data as die 'ster' van hierdie hoofstuk te laat uitstaan en die hooffokus "is the data itself, in all its richness, breadth, and depth" (Chenail, 1995, http://www.nova.edu/ssss/QR/QR2-3/presenting.html). Daar sal onderskeidelik na die konstruerings van elk van die individue binne die drie verhoudingspare en die individu ten opsigte van die verhoudingsmaat aandag gegee word, waarna 'n samevattende konstruering gegee sal word.

In die proses om die rykheid en diepte van die data weer te gee, gaan die navorser telkens die verloop van die data-insamelingsproses weergee. Hiervolgens sal eerstens aandag gegee word aan die eerste onderhoud waartydens die tien konfliksituasies as elemente vir die REP-tegniek geïdentifiseer is. Hoewel die respondente telkens gevra is om 15 situasies te identifiseer, het die navorser in oorleg met die respondente die situasies gereduseer tot die tien situasies wat vir die betrokke verhoudingspaar die mees intense emosies ontlok het. Hierdie konfliksituasies het as twee elemente op die

REP-toets gedien. Musiek wat vooraf deur die navorser geselekteer is (sien Hoofstuk 4) het as die derde element op die REP-toets gedien.

Die protokolle word daarna volledig weergegee en deur gebruik te maak van inhoudsanalise, poog die navorser om die mees relevante emotiewe konstrukte op die ontluikende en implisiete pole te ontbloot. Dit is die konstrukte en betekenisse wat deur die respondente self aan die situasies en musiek wat volgens die REP-toets aan hulle voorgehou is, geïdentifiseer is. Soos voorheen aangetoon (sien Hoofstuk 2) ontwikkel 'n emosie vanuit 'n vae gemoedstoestand wat die respondente in hulle belewenswêreld binne die verhouding ervaar. Tydens die data-insamelingsproses word daar aan die hand van kognitiewe etikette of verbalisering van die bepaalde gevoel of gemoedstoestand betekenis gegee wat as emotiewe konstrukte op die REP-rooster aangeteken is. Derhalwe kan elke individu se protokol deur die navorser interpreteer word as 'n voorstelling van sy of haar konstrueringsproses en emotiewe konstruksisteem.

## 5.2 Biografiese agtergrond van respondente

Drie verhoudingspare het aan die studie deelgeneem. Hulle word vervolgens na verwys as verhoudingspare 1, 2 en 3, terwyl die onderlinge lede van die pare onderskeidelik bekend sal staan as:

- Verhoudingspaar 1 – respondente A en B
- Verhoudingspaar 2 – respondente C en D

- Verhoudingspaar 3 – respondente E en F

In die drie verhoudingspare was respondente A, C en E manlik en respondente B, D en F vroulik. Verhoudingspaar 1 en 3 was getroud, terwyl verhoudingspaar 2 nog ongetroud was.

In aansluiting by die tweede kriterium vir seleksie van deelnemers en Kelly (1955) se benadering dat drie elemente telkens in die konstrueringsproses en die vorming van 'n konstruksisteem gebruik word, is **drie** verhoudingspare by die studie ingesluit. Hierdie drie verhoudingspare het as 'elemente' in die navorsing gedien ten einde op metavlak aan te sluit by die teoretiese onderbou. Van die drie verhoudingspare wat aan die studie deelgeneem het, het twee deelgeneem vir die verryking van hulle verhoudings en een paar omdat hulle huweliksprobleme ervaar het.

In die poging van die individu om eie en ander se response te voorspel en beheer oor sy of haar ervaringswêreld uit te oefen, is kennis en begrip van mekaar se emotiewe konstruering in 'n verhouding baie belangrik. Dit het ook waarde vir die verryking of verbetering van die verhouding. Die individue wat aan die ondersoek deelgeneem het, was almal tussen 24 en 30 jaar oud. Dit is met ander woorde almal jongmense met redelike jong verhoudings waar daar nog ruimte was vir meer insig en kennis met betrekking tot hul eie en mekaar se emotiewe konstrueringsprosesse binne die konteks van die verhouding.

Alhoewel dit nie die primêre doel van die studie was nie, sou die uitkoms wel die moontlikheid laat dat verhoudingsmaats deur die deelname aan die konstrueringsproses wedersydse kennis van mekaar se emotiewe konstrukte kon opdoen. Hulle sou ook kon sien wat die waarde van hierdie verbeterde kennis vir hulle inhou en hoe die kennis aangewend sou kon word om hul verhoudings te verbeter of te verryk.

## 5.3 Konstruerings van Verhoudingspaar 1 (*Respondente Aen B*)

Verhoudingspaar een was reeds vyf jaar getroud. Ten tye van die studie het hulle huweliksprobleme ervaar, alhoewel hulle dit as nie baie ernstig van aard beskryf het nie.

### 5.3.1 Identifisering van konfliksituasies

In die aanvanklike semigestruktureerde onderhoud het die navorser die doel van die navorsing, sowel as die navorsingsproses en prosedures aan albei respondente verduidelik. Hulle toewyding ten opsigte van hulle huwelik was duidelik en albei was bereid om aan die ondersoek mee te doen. In die onderhoud het die navorser aan die verhoudingspaar gevra om situasies te identifiseer waarin hulle dikwels konflik ervaar. Klem is daarop gelê dat die situasies alledaagse situasies moet wees, met ander woorde situasies waarin hulle op ‘n gereelde basis konflik ervaar.

‘n Voordeel van hierdie studie is dat die verhoudingspaar beheer behou ten opsigte van hoe persoonlik hulle wil wees met betrekking tot die situasies wat hulle aan die navorser kommunikeer. Dit is nie ‘n vereiste vir die studie dat die respondente uitermate ontblotend teenoor die navorser moet wees met betrekking tot die situasies wat hulle aanbied nie.

Die tien situasies wat deur Verhoudingspaar 1 en die navorser as potensiële konfliksituasies met intense emotiewe betekenisse geïdentifiseer is, word vervolgens in die navorser se verwoording daarvan saamgevat.

1. ***Respondent A*** **werk dikwels laat**, iets wat hy op ‘n gereelde basis doen.
2. ***Respondent A*** is **nooit betyds vir afsprake** wat die egpaar het nie, met die gevolg dat ***Respondent B*** ook laat is vir hierdie afsprake.
3. ***Respondent B*** beweer dat ***Respondent A*** haar nie met die **huistake** help nie.
4. Wanneer ***Respondent A*** en ***Respondent B*** in ‘n ernstige gesprek betrokke raak, ervaar ***Respondent B*** dit dat ***Respondent A*** **nie werklik luister nie.**
5. ***Respondent A*** voel dat ***Respondent B*** hulle persoonlike probleme té maklik met ander mense **buite hulle verhouding bespreek.**

6. Wanneer die Verhoudingspaar op sosiale funksies is en die gesprek gaan oor verhoudings, interpreteer ***Respondent B*** die opmerkings van ***Respondent A*** as direkte **kritiek teenoor haar.**

7. As ***Respondent A*** *en* ***Respondent B*** alleen is, maak ***Respondent A*** grappies met ***Respondent B****.* Volgens ***Respondent A*** interpreteer sy nie hierdie grappies soos wat hy dit bedoel nie en hy beweer dat sy nie sy **humorsin verstaan nie.**

8. ***Respondent B*** sê dat ***Respondent A*** baie **impulsief** is ten opsigte van die beplanning van hulle **sosiale aktiwiteite.**

9. ***Respondent A*** is ook van mening dat ***Respondent B*** **té reguit** is in haar manier om veral met ander mense te praat. Hy beweer dat wanneer sy konflik met iemand anders ervaar of 'n meningsverskil met iemand anders het, sy ontaktvol is.

10. ***Respondent A*** *en* ***Respondent B*** het verkillende behoeftes met betrekking tot die tyd wat hulle alleen en saam spandeer. ***Respondent A*** het 'n sterk behoefte daaraan om **tyd alleen** met homself te spandeer, terwyl ***Respondent B*** se behoefte eerder is om soveel tyd moontlik saam met haar eggenoot te spandeer.

Hierdie tien konfliksituasies soos deur die navorser en die respondente geïdentifiseer is, is gebruik as elemente 6-15 op die REP-toets. Die ander element was die musiek (1-5 op die REP-toets) soos in Hoofstuk 4 uiteengesit is.

### 5.3.2 Individuele emotiewe konstruerings van Verhoudingspaar 1

Tydens die tweede onderhoud is daar van elkeen van die individue (***Respondent A*** en ***Respondent B***) verwag om die elemente emotief te konstrueer soos wat dit aan hom of haar deur die navorser aangebied is. In hierdie opsig is telkens drie van die elemente, twee vanuit die konfliksituasies en een musieksnit, aan die respondent voorgehou (sien Hoofstuk 4) waarna hy of sy die emotiewe konstrukte moes konstrueer. Vervolgens word die emotiewe konstrukte van die onderskeie respondente op die REP-rooster uiteengesit en bespreek.

**Respondent A**

Die emotiewe konstrukte wat deur ***Respondent A*** geïdentifiseer is, word in Tabel 5-1 op die REP-rooster uiteengesit.

*Bespreking:*

Die uiteensetting op die REP-rooster toon aan hoedat ***Respondent A*** twee elemente as ooreenstemmend beskou (op die rooster met 'n ⊗ gemerk), terwyl die derde element as teenstellend of kontrasterend beskou is. Die emotiewe konstrukte vir die bepaalde elemente is in die twee kollomme aan die regterkant aangedui as onderskeidelik die **ontluikende** en die **implisiete pool**.

| 1 Musiek A | 2 Musiek B | 3 Musiek C | 4 Musiek D | 5 Musiek E | 6 Laat werk | 7 Stiptelikheid | 8 Hulp met huishoudelike take | 9 Luister nie | 10 Praat te maklik uit | 11 Kritiseer haar voor ander | 12 Verstaan nie sy humorsin | 13 Impulsief ten opsigte van sosiale aktiwiteite | 14 Té reguit | 15 Alleen tyd | No. | Ontluikende pool | Implisiete pool |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ⊗ | | | | | ⊗ | O | | | | | | | | | 1 | Rustig, vreedsaam | Gejaag |
| | ⊗ | | | | | | O | ⊗ | | | | | | | 2 | Rustig, betrokke, stil | Alleen |
| | | ⊗ | | | | | | | O | ⊗ | | | | | 3 | Onrustig, bedreig, beledig | Uitgesluit, minderwaardig, disrespek |
| | | | ⊗ | | | | | | | | ⊗ | O | | | 4 | Misverstaan | Deurmekaar |
| | | | | ⊗ | | | | | | | | | O | ⊗ | 5 | Rustig, tevrede | Beledig, minderwaardig |
| | ⊗ | | | | | | | | O | | | | | ⊗ | 6 | Rustig | Opgewonde, deurmekaar |
| | | O | | | | | | | | ⊗ | | | ⊗ | | 7 | Beledig, tenagekom | Rustig |
| | | | ⊗ | | | | | O | | | ⊗ | | | | 8 | Opgewonde | Neerslagtig, ernstig |

**Tabel 5-1:** Emotiewe konstrukte van ***Subjek A***, Verhoudingspaar 1

***Respondent A*** gebruik dikwels die woord **rustig** as 'n konstruk om sy emotiewe belewenisse te konstrueer. Hierdie herhaalde gebruik van die konsep 'rustig' in beide die ontluikende en die implisiete pool, dui enersyds daarop dat hy dit as 'n kernkonstruk gebruik en dat rustigheid sentraal staan in sy emotiewe konstruering. Dit blyk egter andersyds dat ***Respondent A*** probleme ervaar om emotiewe konstrukte te simboliseer. In die vooronderhoud het dit reeds na vore gekom dat hy probleme ervaar met die verbalisering van betekenisse. Dit dui moontlik op 'n gebrek aan verbale etikette om werklik betekenis aan sy emotiewe konstrukte te gee.

> Although the examples that are given in a written explanation of constructs are inevetibaly of a verbal kind, the constructs which a person actually use do not always consist of verbal poles. In fact, most people frequently use non-verbal constructs, or constructs that they could not easily express in words (Meyer *et al.*, 1989).

Die inkonsekwentheid van die onderlinge verband tussen ***Respondent A*** se emotiewe konstrukte dui moontlik daarop dat hy hierdie konstrukte op 'n losse wyse gebruik wat kan lei tot verwarring. Dit laat min ruimte vir buigbaarheid en soepelheid. Wanneer hy situasies konstrueer vir voorspelling van handelinge, kan dit dus lei tot onsuksesvolle voorspelling van die toepaslike gedrag in die situasie.

Hy gebruik ook 'n kontrasterende pool van rustig, naamlik onrustig. Dit blyk dat dit vir hom belangrik is om op 'n emotiewe vlak sy leefwêreld as rustig of vreedsaam te ervaar. Situasies wat moeilik voorspel word, word bloot met 'n teenstellende woord aangedui, sonder dat daar aan die emosie werklike betekenis gegee kan word. Tydens die data-insamelingsproses het ***Respondent A*** ook baie klem gelê op rustigheid as 'n spesifieke behoefte wat hy ervaar. Hy voer dit as die rede aan vir sy behoefte om tyd alleen saam met net homself deur te bring.

Nog twee emotiewe konstrukte wat deur ***Respondent A*** aan situasies toegeken word, is **beledig** en **minderwaardig**. Dit blyk dat hierdie konstrukte ook op 'n losse wyse met mekaar in verband staan, sodat ***Respondent A*** moeite het om situasies korrek te voorspel. Die misverstande wat as gevolg van hierdie konstruering na vore kom, blyk uit ***Respondent A*** se beskuldigings dat ***Respondent B*** nie sy gedrag of response korrek interpreteer nie. Wanneer konfliksituasies as gevolg hiervan ontstaan, is dit waarskynlik dat ***Respondent A*** gevoelens van minderwaardigheid en belediging kan ervaar.

In die toepassing van die REP-toets met musiek as een van die elemente, het die musiek telkens die emotiewe konstrueringsproses versterk. Die musiek het in ***Respondent A*** se geval telkens die emotiewe betekenisse

| 1 Musiek A | 2 Musiek B | 3 Musiek C | 4 Musiek D | 5 Musiek E | 6 Laat werk | 7 Stiptelikheid | 8 Hulp met huishoudelike take | 9 Luister nie | 10 Praat te maklik uit | 11 Kritiseer haar voor ander | 12 Verstaan nie sy humorsin | 13 Impulsief ten opsigte van sosiale aktiwiteite | 14 Té reguit | 15 Alleen tyd | No. | Ontluikende pool | Implisiete pool |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| O | | | | | ⊗ | ⊗ | | | | | | | | | 1 | Kwaad, onbelangrik | Rustig |
| | O | | | | | | ⊗ | ⊗ | | | | | | | 2 | Magteloos | Rustig, kalm |
| | | ⊗ | | | | | | | ⊗ | O | | | | | 3 | Terapeuties, ontlading | Fyngevoelig, alleen, nie ondersteunend |
| | | | ⊗ | | | | | | | | O | ⊗ | | | 4 | Ontstuimig, nie in beheer | Verward, onveilig |
| | | | | ⊗ | | | | | | | | | ⊗ | O | 5 | Oop, eerlik, opreg, beheer | Alleen, geïsoleerd, verward, onseker |
| | ⊗ | | | | | | | | O | | | | | ⊗ | 6 | Afgesny, alleen, verward | Naby ander, interaksie, simpatie/begrip |
| | | ⊗ | | | | | | | | O | | | ⊗ | | 7 | Oop, skoon, deel | Ontstuimig |
| | | | O | | | | | ⊗ | | | ⊗ | | | | 8 | Apart, teenoorgesteld van mekaar, twyfel, onseker | Verandering, berus |

**Tabel 5-2:** Emotiewe konstrukte van ***Subjek B***, Verhoudingspaar 1

van die situasie wat daaraan gekoppel is, versterk sodat hy wel betekenis aan die emosie wat met die situasie verband hou, kon gee.

**Respondent B**

Die emotiewe konstrukte wat deur ***Respondent B*** geïdentifiseer is, word in Tabel 5-2 op die REP-rooster uiteengesit.

*Bespreking:*

Die uiteensetting van ***Respondent B*** se emotiewe konstrukte op die REP-rooster toon aan hoe sy twee elemente as ooreenstemmend beskou (op die rooster met 'n ⊗ gemerk), terwyl die derde element as teenstellend of kontrasterend beskou word. In die regterkantse kolomme is die ontluikende en implisiete pole van die emotiewe konstrukte aangetoon.

***Respondent B*** gebruik 'n groter verskeidenheid van verbale etikette vir haar konstrueringsproses. Een van die prominete emotiewe konstrukte wat ***Respondent A*** gebruik, hou verband met **alleenheid en verwarring.** Die teenoorstaande konstruk dui telkens op 'n behoefte aan kontak met ander persone. Haar ervaring dat ***Respondent A*** nie toeganklik is of haar emotiewe konstruerings verstaan nie, lei daartoe dat sy hierdie konstrukte op 'n vaste wyse gebruik. Dit kan ook verband hou daarmee dat sy haar emosies dikwels op 'n meer kognitiewe wyse uitdruk en nie werklik die emotiewe betekenisse met ander kan deel nie.

Verder wil dit voorkom asof sy konstrukte op 'n preëmptiewe wyse gebruik wat telkens meebring dat 'n sekere konstruk nie tegelyk 'n element van 'n ander konstruk kan wees nie. Hierdie wyse van emotiewe konstruering kan daarop dui dat ***Respondent A*** situasies redelik betroubaar kan voorspel, hoewel sy nie noodwendig alternatiewe wyses van konstruering gemaklik kan gebruik nie. "When a person uses a construct preemptively, he obliges himself to choose one of its two alternatives and to act accordingly" (Meyer *et al.*, 1989).

In die geval van ***Respondent B*** was dit tydens die data-insamelingsproses ook duidelik dat die musiek telkens op twee wyses in die konstrueringsproses gebruik is. Die musiek is enersyds gebruik as stimulus om die gemoedstoestand van die situasie te ontlok (situasies 1, 2 en 8), terwyl dit andersyds die emotiewe belewenis van die situasie versterk het (situasies 3, 4, 5, 6 en 7). Op hierdie wyse kon sy kontak maak met die gemoedstoestand wat deur die situasie ontlok was en wat sy dan as 'n emotiewe konstruk geverbaliseer het.

### 5.3.3 Emotiewe konstruerings op die uitruilrooster

Die uitruilrooster is gebruik om vas te stel tot watter mate die verhoudingspaar insig en begrip van mekaar se emotiewe konstrukte het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| 1 Musiek A | 2 Musiek B | 3 Musiek C | 4 Musiek D | 5 Musiek E | 6 Laat werk | 7 Stiptelikheid | 8 Help met huistake | 9 Luister nie | 10 Praat te maklik uit | 11 Kritiseer haar voor ander | 12 Verstaan nie sy humorsin nie | 13 Impulsief ten opsigte van sosiale aktiwiteite | 14 Té reguit | 15 Alleen tyd | No. | Ontluikende pool | Implisiete pool |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ⊗ | | | | | ⊗ | O | | | | | | | | | 1 | Alleen | Sien dit op haarself gemik |
| | ⊗ | | | | | | O | ⊗ | | | | | | | 2 | Hartseer | Kwaad, dink ek stel nie belang nie |
| | | ⊗ | | | | | | | ⊗ | O | | | | | 3 | Voel verstaan, ondersteun | Hartseer |
| | | | ⊗ | | | | | | | | ⊗ | O | | | 4 | Opgewonde, kry nie meer aandag | Vies wil beplan, voorspel en beheer |
| | | | | ⊗ | | | | | | | | | O | ⊗ | 5 | Hartseer, voel onbelangrik | Wil eie sin hê – standvastig |
| | ⊗ | | | | | | | | O | | | | | ⊗ | 6 | Hartseer, voel onbelangrik | Kwaad |
| | | ⊗ | | | | | | | | ⊗ | | | O | | 7 | Ongelukkig, eenkant | In beheer, dominerend |
| | | | ⊗ | | | | | O | | | ⊗ | | | | 8 | Wil rustig wees | Opgewonde, onbelangrik |

**Tabel 5-3**: ***Subjek A*** se konstruering van ***Subjek B*** se emotiewe konstruksisteem

Begrip en kennis van mekaar se emotiewe konstruksisteme sou kon bydra tot korrekte voorspelling van die ondersteunende gedrag wat in die situasie nodig is.

Tydens 'n derde onderhoudsessie met elkeen van die individue (***Respondent A*** en ***Respondent B***) ongeveer 1 week na die eerste konstrueringsessies, is die respondente onderskeidelik gevra om die elemente op die REP-toets te konstrueer soos wat hulle meen die maat dit emotief sou konstrueer. Die drie elemente, twee vanuit die konfliksituasies en een musieksnit, is in dieselfde volgorde as vir die vorige sessies aan die respondente voorgehou waarna hy of sy die emotiewe konstrukte van die verhoudingsmaat moes konstrueer.

Vervolgens word die emotiewe konstrukte van die respondente van die verhoudingsmaat op die REP-rooster uiteengesit en kortliks bespreek.

In Tabel 5-3 word ***Respondent A*** se konstruering van ***Respondent B*** se emotiewe konstruksisteem uiteengesit.

*Bespreking:*

In sy konstruering van sy verhoudingsmaat se emotiewe konstrukte vertoon ***Respondent A*** weer eens dat hy nie oor die nodige verbale etikette beskik om die emotiewe beleweniswêreld van ***Respondent B***

ooreenstemmend te kan konstureer nie. ‘n Voorbeeld van sy onvermoë om emotiewe belewenisse ooreenstemmend te konstrueer, is die gebruik van woorde met teenstrydige betekenisse. So byvoorbeeld gebruik hy die konstruk “opgewonde” om te verwys na ***Respondent B*** se gevoelens dat sy nie aandag kry nie of onbelangrik is. Hy gebruik oorwegend die konstruk “hartseer” om verskillende situasies namens ***Respondent B*** te konstrueer, beide op die ontluikende en die implisiete pole.

Mendoza (in Beail, 1985) verwys daarna dat die konstruerings op die uitruilrooster meer kognitief van aard is en dus nie noodwendig ‘n emotiewe konstruering is nie. ***Respondent A*** dra wel kennis van daardie emotiewe konstrukte wat ***Respondent B*** aan hom bekend gemaak het. Hy kan egter nie die emotiewe betekenis van onbekende of nuwe konfliksituasies ooreenstemmend voorspel nie en voel dan self ontmagtig. Sy onvermoë om ***Respondent B*** se emotiewe beleweniswêreld suksesvol te konstrueer, kan moontlik ‘n verklaring bied waarom hy sodanige situasies probeer vermy deur byvoorbeeld laat te werk of alleen te wil wees.

Hierdie ontoereikende voorspellings gee dikwels daartoe aanleiding dat die gedrag wat ***Respondent A*** openbaar die ontstaan van verdere konfliksituasies eerder versterk as om ‘n oplossing te bied. ***Respondent A*** sal byvoorbeeld hulle verhoudingsprobleme voor ***Respondent B*** in die

| 1 Musiek A | 2 Musiek B | 3 Musiek C | 4 Musiek D | 5 Musiek E | 6 Laat werk | 7 Stiptelikheid | 8 Help met huistake | 9 Luister nie | 10 Praat te maklik uit | 11 Kritiseer haar voor ander | 12 Verstaan nie sy humorsin nie | 13 Impulsief ten opsigte van sosiale aktiwiteite | 14 Té reguit | 15 Alleen tyd | No. | Ontluikende pool | Implisiete pool |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ⊗ | | | | | ⊗ | O | | | | | | | | | 1 | In beheer, rustig, kalm | Onbetrokke, onbelangrik |
| | O | | | | | | ⊗ | ⊗ | | | | | | | 2 | Misverstaan | Rustig, kalm |
| | | O | | | | | | | ⊗ | ⊗ | | | | | 3 | Kwesbaar, blootgestel, seergemaak | Oop, lig, vry |
| | | | ⊗ | | | | | | | | O | ⊗ | | | 4 | Verandering, ontlading, afwisseling | Verontwaardig, misverstaan |
| | | | | ⊗ | | | | | | | | | O | ⊗ | 5 | Genesing, katarsis | Ongevoelig, maak seer |
| | ⊗ | | | | | | | | O | | | | | ⊗ | 6 | Ontbloot | Onbelangrik |
| | | O | | | | | | | | ⊗ | | | ⊗ | | 7 | Seergemaak | Kalmeer |
| | | | ⊗ | | | | | O | | | ⊗ | | | | 8 | Gemoedelik, lekker | Inspanning |

**Tabel 5-4**: ***Subjek B*** se konstruering van ***Subjek A*** se emotiewe konstruksisteem.

geselskap van ander bespreek, terwyl hy ongelukkig is indien ***Respondent B*** in die privaatheid haar ongelukkigheid met 'n vriend of familielid bespreek. ***Respondent A*** konstrueer ook sy verhoudingsmaat se emotiewe konstruksisteem op 'n losse wyse wat min ruimte laat vir buigbaarheid en soepelheid en tot onsuksesvolle voorspelling van toepaslike gedrag in die situasie kan lei. Hierin word dit duidelik dat die gebrek aan insig en kennis van die verhoudingsmaat se emotiewe konstruksisteem kan lei tot ontoepaslike gedrag of 'n gebrek aan sosiale ondersteuning.

In Tabel 5-4 word ***Respondent B*** se konstruering van ***Respondent A*** se emotiewe konstruksisteem op die REP-rooster uiteengesit.

*Bespreking:*

Die wyse waarop ***Respondent B*** haar verhoudingsmaat se emotiewe belewenisse telkens met verbale etikette in albei pole identifiseer wat grootliks ooreenstem met sy (***Respondent B***) se eie emotiewe konstrukte, dui moontlik daarop dat sy werklik insig het in ***Respondent A*** se emotiewe konstruksisteem. In vyf van die agte situasies het sy die emotiewe betekenisse van die elemente op dieselfde wyse gekonstrueer as wat ***Respondent A*** dit self gedoen het. Sy kan wel die kognitiewe betekenis en die veronderstelde emotiewe belewenis deur haar

konstruering van ***Respondent A*** se gemoedstoestand in die situasies weergee.

Die konstrukte wat ***Respondent B*** kies om ***Respondent A*** se konstruksisteem te konstrueer dui egter in sommige gevalle daarop dat sy eerder haar eie emotiewe belewenis op 'n vaste en rigiede wyse aan ***Respondent A*** toeskryf. ***Respondent B*** maak steeds gebruik van 'n preëmptiewe wyse van konstruering wat daarop kan dui dat sy meestal haar verhoudingsmaat se emotiewe beleweniswêreld ooreenstemmend voorspel. ***Respondent B*** se konstruering van haar verhoudingsmaat se konstruksisteem dui ook op 'n vaste gebruik van konstrukte wat met konsekwentheid en stabiliteit in verband gebring kan word.

Hoewel ***Respondent B*** kennis dra daarvan dat ***Respondent A*** soms voel dat hy verkeerd verstaan word en hierdie emotiewe konstrukte namens haar verhoudingsmaat konstrueer, kan sy nie ***Respondent A*** se emotiewe belewenis in alle gevalle ooreenstemmend konstrueer nie. 'n Voorbeeld van sodanige verskil in konstruering, is ***Respondent B*** se gebruik van die konstrukte "ontbloot" (ontluikende pool 6) en "onbelangrik" (implisiete pool 6) vir 'n situasie waarin ***Respondent A*** onderskeidelik "beledig" en "minderwaardig" as konstrukte gebruik het. In ander gevalle het ***Respondent B*** egter meer omvattende konstruerings vir ***Respondent A*** se emotiewe belewenisse gegee as wat hyself daaraan kon gee.

*Opsomming:*

Soos vroeër aangetoon, was die doel van die uitruilrooster om verhoudingsmaats se insig in en kennis van mekaar se emotiewe konstruksisteme te ontsluit. Dit blyk uit die uitruilroosters wat verhoudingspaar 1 voltooi het, dat ***Respondent A*** wel insig verwerf het in sy onvermoë om ***Respondent B*** se emotiewe beleweniswêreld te kan voorspel. Hy het selfs te kenne gegee dat die REP-toets 'n bewustheid van ***Respondent B*** se emotiewe beleweniswêreld by hom geskep het, hoewel hy nog nie haar emotiewe konstrukte ooreenstemmend kan konstrueer nie.

***Respondent B*** het te kenne gegee dat die REP-toets vir haar 'n sinvolle en insiggewende ervaring was. Die waarde was vir haar meer geleë in haar bewuswording van haar eie konstrueringsproses. Sy het baie van haarself en haar eie onsekerhede geleer en die rol wat dit in haar konstruerings en belewenis van haar verhoudingsmaat se emotiewe konstruksisteem speel.

Verder blyk dit uit die uitruilroostermetode dat die verhoudingspaar wel deernis met en begrip vir mekaar se emotiewe beleweniswêrelde het. Die verhoudingspaar het ook te kenne gegee dat hulle met meer kennis en insig in mekaar se emotiewe konstruksisteme baie meer ondersteunende gedrag ten opsigte van mekaar sal kan openbaar as voorheen.

## 5.4 Konstruerings van Verhoudingspaar 2 (*Respondent C* en *Respondent D*)

Verhoudingspaar 2 was nie getroud nie, maar het beplan om in die nabye toekoms verloof te raak met die oog op 'n huwelik. Hulle was reeds vir vier jaar in die verhouding betrokke en het toewyding tot mekaar en hulle verhouding vertoon. Die onderskeie individue het ten tye van die studie nie in dieselfde stad gebly nie en mekaar slegs oor naweke te sien gekry. Hulle deelname aan die studie was gerig op die verykking van hulle verhouding en om meer begrip vir mekaar in hulle verhouding te fasiliteer.

### 5.4.1 Identifisering van konfliksituasies

In die semigestruktureerde aanvangsonderhoud het die navorser die doel van die navorsing, sowel as die navorsingsproses en prosedures aan hulle verduidelik. Net soos in die geval van Verhoudingspaar 1, is aan hierdie paar gevra om konfliksituasies te identifiseer wat hulle in hul alledaagse lewe ervaar. Die konfliksituasies word hieronder saamgevat.

1. ***Respondent D*** identifiseer 'n konfliksituasie as tye wanneer ***Respondent C*** sy **humeur verloor** oor goed wat **ekstern** ten opsigte van hulle verhouding is. Sy voel dat hy sy woede wat vanuit 'n nie-verbandhoudende situasies spruit op haar uithaal.

2. ***Respondent C*** en ***Respondent D*** ervaar konflik wanneer ***Respondent D*** **kritiek lewer op sy kleredrag** wanneer hulle mekaar na 'n week se afwesigheid vir die eerste keer weer sien. Dit is volgens hom een van die eerste goed wat sy vir hom sê wanneer sy hom sien.

3. Volgens ***Respondent C*** beweer hy dat hy meer moet gee in die verhouding en dat ***Respondent D*** slegs aan die ontvangkant is. Dit skep die gevoel dat **gee en neem** in die verhouding baie eensydig is.

4. Wanneer die verhoudingspaar by ***Respondent C*** se familie kuier, beleef ***Respondent D*** dit dat ***Respondent C*** meer **aandag** aan sy jonger **suster** gee as aan haar en dit laat haar uitgesluit voel.

5. ***Respondent D*** ervaar dit dat sy dikwels deur ***Respondent C*** in die **verleentheid** gestel word, veral wanneer hulle byvoorbeeld 'n restaurant besoek en ***Respondent C*** is ongeskik met die kelner en oormatig puntenering rakende die dienslewering.

6. Volgens ***Respondent C*** het ***Respondent D*** die gewoonte om hom te **terg** totdat hy uiteindelik kwaad word.

7. ***Respondent C*** beweer dat daar soms **inkongruensie** bestaan ten opsigte van ***Respondent D*** se **verbale en nie-verbale kommunikasie.** ***Respondent D*** ontken dit gewoonlik wanneer ***Respondent C*** dit onder haar aandag bring

8. Omdat ***Respondente C** en **D*** ver van mekaar af bly en mekaar net naweke sien, bestaan daar 'n reëling tussen hulle dat ***Respondent C*** vir ***Respondent D*** 'n **verrassing** sal bring wanneer hy haar weer sien. Dit gebeur egter dat hy soms nie in die week tyd kry om so 'n verrassing te koop nie. ***Respondent D*** is dan intens teleurgestel wat ***Respondent C*** weer laat voel asof sy nie verstaan dat hy nie tyd daarvoor gehad het nie, maar tog waarde heg aan hulle verhouding.

9. Wanneer ***Respondente C** en **D*** T.V. kyk, sal ***Respondent D*** wil **T.V. kyk én gesels,** terwyl ***Respondent C*** meen dat hulle óf moet T.V kyk óf moet gesels. Dit lei gewoonlik tot 'n konflik.

10. Aangesien ***Respondente C** en **D*** nie in dieselfde stad woon nie, gebeur dit soms dat ***Respondent C*** saam met sy vriende sal **uitgaan,** terwyl ***Respondent D*** alleen by haar **huis bly**. Dit lei tot konflik omdat ***Respondent D*** dan jammer vir haarself voel omdat sy alleen by die huis moet bly, terwyl haar vriend uit is saam met sy vriende.

### 5.4.2 Individuele emotiewe konstruerings van Verhoudingspaar 2

Die tweede onderhoud met die onderskeie individue van verhoudingspaar 2 was gestruktureerd en is gewy aan die individuele konstruerings van hulle emotiewe konstruksisteme. Daar is van ***Respondent C*** en

***Respondent D*** onderskeidelik verwag om die elemente te konstrueer soos wat dit deur die navorser aan hom of haar voorgehou is.

**Respondent C**

Die emotiewe konstrukte wat deur ***Respondent C*** geïdentifiseer is, is hierlangsaan in Tabel 5-5 op die REP-rooster uiteengesit.

*Bespreking:*

***Respondent C*** se emotiewe konstruering dui daarop dat hy redelik konsekwent is in die wyse waarop hy die emosionele betekenis van 'n konfliksituasie konstrueer. Hy gebruik telkens dieselfde verbale etikette in 'n bepaalde kombinasie as emotiewe konstrukte. Hierdie strukturering van konstrukte dui op bogeskikte konstrukte (ontluikende pool) wat telkens met dieselfde ondergeskikte konstrukte (implisiete pool) in verband staan. ***Respondent C*** se keuse van ondergeskikte konstrukte dui daarop dat hy die ondergeskikte konstrukte op 'n konstellatoriese wyse konstrueer (Meyer *et al.,* 1989). Sodra 'n konfliksituasie in 'n bepaalde kategorie ingedeel word, word 'n konstellasie van ander eienskappe of emotiewe konstrukte met die situasie in verband gebring en "subordinate constructs are strongly associated with superordinate constructs" (Meyer *et al.,* 1989, p.428).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| 1 Musiek A | 2 Musiek B | 3 Musiek C | 4 Musiek D | 5 Musiek E | 6 Humor verloor | 7 Klere kritiseer | 8 Gee en neem eensydig | 9 Sussie meer aandag | 10 Restaurant | 11 Speel tot kwaad word | 12 Verbaal en Nie-verbaal inkongment | 13 Vergeet verrassings | 14 TV kyk | 15 Uitgaan, sy tuisbly | No. | Ontluikende pool | Implisiete pool |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| O | | | | | ⊗ | ⊗ | | | | | | | | | 1 | Misverstaan, ongelukkig, hartseer | Ontspannend |
| | ⊗ | | | | | | O | ⊗ | | | | | | | 2 | Onheil, ongelukkig, met afwagting | Kwaad |
| | | ⊗ | | | | | | | O | ⊗ | | | | | 3 | Konflik onnodig, nie gerespekteer, geïrriteerd | Misverstaan, onaanvaar |
| | | | ⊗ | | | | | | | | O | ⊗ | | | 4 | Hartseer, teleurgesteld in self | Voel sy dink hy is onbekwaam om haar emosies te hanteer |
| | | | | ⊗ | | | | | | | | | ⊗ | O | 5 | Hartseer, hulpeloos, onnodige konflik | Sy is dubbelsinnig, magteloos, geen wen situasie |
| ⊗ | | | | | | | | ⊗ | | | | | | O | 6 | Misverstaan, onaanvaar, gedomineer | Dubbelsinnig, deurmekaar, magteloos |
| | O | | | | | | | | ⊗ | | | | ⊗ | | 7 | Geïrriteerd, gefrusteerd | Onseker, afwagtend |
| | | ⊗ | | | | | ⊗ | | | O | | | | | 8 | Beledig, ongelukkig, gefrusteerd | Dink ek is onnosel, vertrou my nie |

**Tabel 5-5:** Emotiewe konstruering van ***Subjek C***, Verhoudingspaar 2.

Dit blyk verder dat ***Respondent C*** telkens emosies van onbekwaamheid, hulpeloosheid, magteloosheid en selfs telleurstelling in homself beleef en assulks konstrueer wanneer hy meen dat hy misverstaan word. Konfliksituasies word ook juis met hierdie emosies in verband gebring wat dui op 'n wederkerigheid tussen die emosie en die situasie.

Ten opsigte van die musiek as element in die REP-toets, het ***Respondent C*** telkens die emosie wat deur die musiek in verband gebring met 'n konfliksituasie. Die musiek het dus die emotiewe belewenis van die situasie versterk (situasies 2, 3, 4, 5, 6 en 8) en bygedra tot die uitbreiding van die emotiewe konstrukte. Daarnaas het die musiek in situasies 1 en 7 die gemoedstoestand ontlok en op hierdie wyse as 'n oorbrugging gedien tussen die situasie en die emotiewe konstruering van die situasie.

**Respondent D**

Emotiewe konstrukte wat deur ***Respondent D*** tydens die REP-toets gekonstrueer was, word in Tabel 5-6 op die REP-rooster uiteengesit.

*Bespreking:*

In die vooronderhoud het dit reeds geblyk dat ***Respondent D*** haar wêreld op 'n redelike vaste en selfs rigiede wyse konstureer ten einde voorspellings te kan maak vir toepaslike gedrag. Haar voorspellings is egter dikwels kontrasterend ten opsigte van die ervaarde 'realiteit', wat

| 1 Musiek A | 2 Musiek B | 3 Musiek C | 4 Musiek D | 5 Musiek E | 6 Humor verloor | 7 Klere kritiseer | 8 Gee en neem eensydig | 9 Sussie meer aandag | 10 Restaurant | 11 Speel tot kwaad word | 12 Verbaal en Nie-verbaal inkongment | 13 Vergeet verrassings | 14 TV kyk | 15 Uitgaan, sy tuisbly | No. | Ontluikende pool | Implisiete pool |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ⊗ | | | | | O | ⊗ | | | | | | | | | 1 | Hartseer, seergemaak, weerspreek persoonlikheid | Bang vir aggressie |
| | ⊗ | | | | | | O | ⊗ | | | | | | | 2 | Uitgesluit | Hartseer, teleurgesteld |
| | | ⊗ | | | | | | | O | ⊗ | | | | | 3 | Teleurgesteld | Rustig |
| | | | ⊗ | | | | | | | | O | ⊗ | | | 4 | Irritasie | Wantrouig, teleurgesteld |
| | | | | O | | | | | | | | | ⊗ | ⊗ | 5 | Selfbejammerend, seergemaak | Rustig, ontspanne |
| ⊗ | | | | | | | | | O | | | | | ⊗ | 6 | Alleen, hartseer | Bang, skrikkerig |
| | O | | | | | | | | | ⊗ | | | ⊗ | | 7 | Verward, verwerp, wil nie hê ek moet myself wees nie | Alleen |
| | | ⊗ | | | | | | ⊗ | | | O | | | | 8 | Uitgesluit alleen | Geïrriteerd |

**Tabel 5-6:** Emotiewe konstrukte van ***Subjek D***, Verhoudingspaar 2.

dan lei tot ongemak en teleurstelling. Ten tye van die individuele konstruering identifiseer ***Respondent D*** telkens emotiewe konstrukte wat met hierdie tema verband hou. Sy konstrueer konfliksituasies aan die hand van bogeskikte konstrukte soos "alleenheid" en "verwerping". Hierdie bogeskikte konstrukte staan telkens in verband met spesifieke ondergeskikte konstrukte soos wantroue, vreesagtigheid en onsekerheid.

Dit blyk dat ***Respondent D*** haar emosionele beleweniswêreld op 'n preëmptiewe wyse konstrueer. Hiervolgens word 'n situasie of gebeurtenis tot 'n spesifieke konstruk deurgelaat en dan van ander konstrukte uitgesluit (Möller, 1993). Situasies wat kon bydra daartoe dat sy die verhouding en haar gemoedstoestand in 'n ander perspektief kan sien, word ontken. ***Respondent D*** ervaar as gevolg hiervan angs omdat sy nie die situasies in hulle verhouding korrek kan voorspel nie en haar emotiewe konstrukte se reikwydte nie die ervarings in sodanige konfliksituasies kan insluit nie. Dit wil ook voorkom asof ***Respondent D*** die verwagting het dat ***Respondent C*** verantwoordelikheid moet aanvaar om binne die reikwydte van haar konstruksiesisteem op te tree ten einde haar in staat te stel om haar beleweniswêreld meer ooreenstemmend ten opsigte van die uiteindelike belewenis te kan voorspel.

***Respondent D*** het in die REP-toets die musiek op dieselfde wyse gebruik vir die uitbreiding van emotiewe betekenisse as wat ***Respondent C*** dit

gedoen het. Die musiek is gebruik om die emosie in situasies 5 en 7 te ontlok sodat dit dan in verband gebring kon word met die emosie wat in die konfliksituasie ervaar word. In die ander situasies het die musiek hoofsaaklik 'n versterkingswaarde gehad sodat die emotiewe konstrukte van die konfliksituasies duideliker herken kon word.

### 5.4.3 Emotiewe konstruerings op die uitruilrooster

Verhoudingspaar 2 het tydens die derde onderhoudsessie onderskeidelik mekaar se emotiewe konstruksisteme op die uitruilrooster konstrueer. Daar moet deurentyd in gedagte gehou word dat elke individu steeds sy of haar eie subjektiewe wyse van konstruering gebruik wanneer die verhoudingsmaat se emotiewe beleweniswêreld en konstruksisteem gekonstrueer word. Dit is veral duidelik by Verhoudingspaar 2 waar beide respondente hul bekende wyse van konstruering (***Respondent C*** = konstellatories; ***Respondent D*** = preëmptief) gebruik wanneer die verhoudingsmaat se emotiewe konstruksisteem konstrueer word.

Tabel 5-7 is 'n uiteensetting van ***Respondent C*** se konstruering van ***Respondent D*** se emotiewe konstruksisteem

| 1 Musiek A | 2 Musiek B | 3 Musiek C | 4 Musiek D | 5 Musiek E | 6 Humor verloor | 7 Klere kritiseer | 8 Gee en neem eensydig | 9 Sussie meer aandag | 10 Restaurant | 11 Speel tot kwaad word | 12 Verbaal en Nie-verbaal inkongment | 13 Vergeet verrassings | 14 TV kyk | 15 Uitgaan, sy tuisbly | No. | Ontluikende pool | Implisiete pool |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ⊗ | | | | | ⊗ | O | | | | | | | | | 1 | Hartseer, verlang, ongelukkig | Misverstaan |
| | ⊗ | | | | | | ⊗ | O | | | | | | | 2 | Onbetrokke | Afgeskeep |
| | | ⊗ | | | | | | | ⊗ | O | | | | | 3 | Afwagtend, senuweeagtig | Ongelukkig |
| | | | ⊗ | | | | | | | | O | ⊗ | | | 4 | Hartseer, vergete, geïsoleerd | Geïrriteerd |
| | | | | ⊗ | | | | | | | | | O | ⊗ | 5 | Teneergedruk, bedruk | Verward |
| ⊗ | | | | | | | | | O | | | | | ⊗ | 6 | Alleen , afgeskeep | Bang, verleë |
| | O | | | | | | | | | ⊗ | | | ⊗ | | 7 | Hartseer | Teleurgesteld, afgeskeep |
| | | ⊗ | | | | | | ⊗ | | | O | | | | 8 | Kwaad, hartseer, afgeskeep | Ontwykend, beskermend, onseker |

**Tabel 5-7:** ***Subjek C*** se konstruering van ***Subjek D*** se emotiewe konstruksisteem.

*Bespreking:*

In sy konstruering van ***Respondent D*** se emotiewe beleweniswêreld gaan ***Respondent C*** op dieselfde wyse te werk as vir sy eie emotiewe konstruksisteem. Daar is 'n duidelike gebruikmaking van 'n bogeskikte konstruk, naamlik "hartseer" vir die verhoudingsmaat se emotiewe beleweniswêreld. Hierdie konstruk word konsekwent verbind met ondergeskikte konstrukte soos "ongelukkig", "afgeskeep" en "teleurgesteld". ***Respondent C*** gebruik ook die konstrukte op 'n konstellatoriese wyse ten einde sy verhoudingsmaat se emotiewe konstruksisteem te konstrueer.

***Respondent C*** toon verder dat hy wel insig en begrip het vir ***Respondent D*** se emotiewe beleweniswêreld en konstruksisteem. Hiermee gee hy ook te kenne dat hy bewus is van die verwagtinge wat ***Respondent D*** van hom het en dat sy afgeskeep, hartseer en teleurgesteld voel wanneer hy nie aan haar verwagtinge voldoen nie. Die kennis en begrip vir ***Respondent D*** se emotiewe konstruksisteem versterk egter ***Respondent C*** se gevoel van onbekwaamheid, magteloosheid en teleurstelling met homself wanneer hy nie aan haar verwagtinge kan voldoen nie. Dit word veral duidelik in sy konstruering van situasie vier waarin hy te kenne gee dat hy die volle verantwoordelikheid vir sy verhoudingsmaat se geluk en die sukses van hulle verhouding moet dra.

| 1 Musiek A | 2 Musiek B | 3 Musiek C | 4 Musiek D | 5 Musiek E | 6 Humor verloor | 7 Klere kritiseer | 8 Gee en neem eensydig | 9 Sussie meer aandag | 10 Restaurant | 11 Speel tot kwaad word | 12 Verbaal en Nie-verbaal inkongment | 13 Vergeet verrassings | 14 TV kyk | 15 Uitgaan, sy tuisbly | No. | Ontluikende pool | Implisiete pool |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ⊗ | | | | | O | ⊗ | | | | | | | | | 1 | Hartseer, seergemaak, sensitief | Geïrriteerd, mik dit nie op my nie |
| | ⊗ | | | | | | ⊗ | O | | | | | | | 2 | Hartseer, seergemaak | Geïrriteerd, teenstrydig |
| | | O | | | | | | | ⊗ | ⊗ | | | | | 3 | Kwaad, word onderdruk | Onrustig |
| | | | ⊗ | | | | | | | | O | ⊗ | | | 4 | Hartseer, teleurgesteld in self | Moedeloos |
| | | | | O | | | | | | | | | ⊗ | ⊗ | 5 | Geïrriteerd | Rustig |
| O | | | | | | | | | ⊗ | | | | | ⊗ | 6 | Moedeloos, onderdruk, sien nie wat verkeerd is nie | Intens, onrustig |
| | O | | | | | | | | | ⊗ | | | ⊗ | | 7 | Geïrriteerd, kwaad | Klam, dalk hartseer |
| | | ⊗ | | | | | | O | | | ⊗ | | | | 8 | Hartseer, teleurgesteld | Tussen 2 pole, gedomineer, kan nie self wees nie |

**Tabel 5-8:** ***Subjek D*** se konstruering van ***Subjek C*** se emotiewe konstruksisteem

In Tabel 5-8 word ***Respondent D*** se konstruering van ***Respondent C*** se emotiewe konstruksisteem op die REP-rooster uiteengesit.

*Bespreking*:

***Respondent D*** se konstruering van haar verhoudingsmaat se emotiewe konstrukte op die REP-toets toon dat sy nie werklik insig en begrip in sy emotiewe beleweniswêreld het nie. Sy konstrueer ***Respondent C*** se emotiewe konstrukte op 'n preëmptiewe wyse, net soos met haar eie konstuksisteem, waardeur sy die moontlikheid van alternatiewe konstruerings uitsluit. Slegs in twee van die agt situasies (4 en 7) identifiseer sy die emotiewe waarde ooreenstemmend met die emotiewe betekenisse wat ***Respondent C*** daaraan gegee het.

***Respondent D*** gebruik verder die bogeskikte konstrukte van "hartseer" en "geïrriteerd" op 'n ondeurdringbare wyse om verskillende situasies en musiek te konstrueer en sluit sodoende ander konstrukte uit. Sy toon ook in haar konstruering van ***Respondent C*** se emotiewe beleweniswêreld dat sy nie emotiewe konstrukte wat buite die reikwydte van haar eie konstruksisteem lê by voorspellings kan insluit nie.

## 5.5 Konstruerings van Verhoudingspaar 3 (*Respondente E* en *F*)

Verhoudingspaar 3 was ten tye van die ondersoek twee jaar getroud en het mekaar voor die huwelik vir twee jaar geken. Hulle was dus reeds vir vier jaar in die verhouding betrokke en het 'n opregte behoefte uitgespreek vir die verryking van hulle verhouding en die uitbreiding van insig in mekaar se beleweniswêrelde.

### 5.5.1 Identifisering van konfliksituasies

Die konfliksituasies wat Verhoudingspaar 3 tydens die aanvanklike semigestruktureerde onderhoud geïdentifiseer het, word hieronder saamgevat.

1. ***Respondent F*** ervaar dit soms dat haar man haar soos 'n **kind behandel.**
2. Volgens ***Respondent E*** deel ***Respondent F*** **nie** haar **verwagtinge** met hom ten opsigte van hoe sy hulle tyd saam wil spandeer nie.
3. ***Respondent F*** sê dat haar man soms op 'n spottende wyse aan ander mense **sê dat sy lui is.**
4. Volgens ***Respondent E*** lê sy vrou meer klem op sy woordkeuse wanneer hulle konflik het en word **wat hy sê** gevolglik heeltemal **verkeerd geïnterpreteer.**

5. ***Respondent F*** sê dat sy soms innerlik konflik ervaar wanneer hul **huis deurmekaar is**. Wanneer sy dit dan wil regpak, word haar man vies vir haar omdat dit volgens hom soms ontydig is.

6. ***Respondent E*** is volgens sy vrou **perfeksionisties** wat daartoe lei dat hy volgens haar onnodig baie tyd aan goed spandeer om dit af te handel.

7. Daar is soms kere waar ***Respondent F*** en haar skoonma konflik ervaar met mekaar ervaar. Sy voel dat haar man in hierdie situasies **eerder sy ma ondersteun as vir haar.**

8. ***Respondent E*** vind sy vrou se manier van **kosmaak ongeorganiseerd.**

9. Volgens ***Respondent F*** is haar man soms 'n **roekelose motorbestuurder** wat konflik tot gevolg het.

10. Wanneer ***Respondente E en F*** alleen is en rustig raak, sal ***Respondent E*** **doelbewus** sy vrou op 'n speelse wyse **irriteer.**

### 5.5.2 Individuele emotiewe konstruerings van Verhoudingspaar 3

Tydens die tweede onderhoud met die onderskeie individue van verhoudingspaar 3 is daar van ***Respondent E*** en ***Respondent F*** onderskeidelik verwag om die elemente van die REP-toets te konstrueer soos wat dit deur die navorser aan hom of haar voorgehou is. Hierdie inviduele emotiewe konstruerings word vervolgens bespreek.

| 1<br>Musiek A | 2<br>Musiek B | 3<br>Musiek C | 4<br>Musiek D | 5<br>Musiek E | 6<br>Kwaad as soos 'n kind behandel | 7<br>Nie verwagting deel nie | 8<br>Beskuldig van luiheid | 9<br>Word verkeerd verstaan | 10<br>As huis deurmekaar is | 11<br>Perfeksionisties met take | 12<br>Vat ma se kant met konflik | 13<br>Ongeorganiseerde kosmaak | 14<br>Motor bestuur | 15<br>Doelbewus irriteer | No. | Ontluikende pool | Implisiete pool |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ⊗ | | | | | O | ⊗ | | | | | | | | | 1 | Langdradig, uitgerek | Kwaad, dit is onnodig |
| | ⊗ | | | | | | ⊗ | O | | | | | | | 2 | Irrelevant, onnodig, nie-geraak | Nie vertsaan nie |
| | | O | | | | | | | ⊗ | ⊗ | | | | | 3 | Gekritiseer, nie ruimte gegun | Rustig |
| | | | ⊗ | | | | | | | | O | ⊗ | | | 4 | Frustreerd | Onregverdig |
| | | | | ⊗ | | | | | | | | | O | ⊗ | 5 | Humoristies | Voel asof sy dink ek is onverantwoorde-lik, te na gekom |
| ⊗ | | | | | | | | | | ⊗ | | | | O | 6 | Goed, positief | Humoristies |
| | ⊗ | | | | | | | | | | | O | ⊗ | | 7 | Moedeloos | Frustreerd |
| | | O | | | | | | | ⊗ | | ⊗ | | | | 8 | Onregverdig | Ontspanne, nie gejaag |

**Tabel 5-9:** Emotiewe konstrukte van ***Subjek E***, Verhoudingspaar 3

**Respondent E**

Die emotiewe konstrukte van ***Respondent E*** is in Tabel 5-9 uiteengesit.

*Bespreking:*

***Respondent E*** het tydens die individuele sessie die toets besonder vinnig afgehandel in teenstelling met die ander respondente wat telkens heelwat langer geneem het om die toets te voltooi. Hy gee verder baie kriptiese verbale etikette vir sy emosionele belewenisse en sê ook dat hy die emotiewe konstruering van situasies as 'n onnodige tydverkwisting sien. Hoewel ***Respondent E*** oënskynlik die emosies van 'n situasie wil ontken, blyk dit tog vanuit die konstruering dat hy konsekwent sekere emotiewe konstrukte wat op die onnodigheid van die konflik vir hom dui, by sy voorspellings van situasies insluit.

Die uiteensetting van ***Respondent E*** se emotiewe konstrukte op die REP-rooster toon dat hy konstrukte onderskeidelik in albei pole gebruik, óf as ontluikende pool óf as implisiete pool. Geen konstruk kom egter meer as een keer in 'n spesifieke pool voor nie. Dit wil voorkom asof ***Respondent E*** nie kognitief betekenis aan gemoedstoestande in konfliksituasies wil gee nie, omdat hy dit as onnodig beskou en die reikwydte van sy emotiewe konstruksisteem nie hierdie belewenisse kan insluit nie. ***Respondent E*** kan nie met

behulp van die sirkumspeksie die situasie korrek voorspel nie en wend oënskynlik geen poging aan om sy konstruksisteem uit te brei nie.

Pervin (1993, p.242) meen in hierdie opsig:

> People protect themselves from anxiety in various ways. Confronted by events they cannot construe – that is that lie outside the range of convenience – individuals may broaden a construct and permit it to apply to a greater variety of events, or they may narrow their constructs and focus on minute details.

***Respondent E*** se oënskynlike onvermoë om emotiewe situasies ooreenstemmend te voorspel, kan verder daartoe lei dat hy die emosies eerder probeer onderdruk as om die situasie emotief te wil konstrueer. Sy kognitiewe betekenisgewing skep die indruk dat hy sy onvermoë om konfliksituasies te kan hanteer, wil verberg deur afstand te skep met ontoepaslike verbale etikette soos humoristies, irrelevant, ontspanne, langdradig en andere. Hiermee wil hy selfs sy aandeel aan die konfliksituasie ontken deur te sê dat die konflik onnodig en onregverdig is.

Hoewel die konstrukte soos dit vanuit die REP-rooster na vore kom nie op 'n duidelike patroon in ***Respondent E*** se konstrueringsproses dui nie, het

die REP-toets wel waarde gehad om sy emotiewe beleweniswêreld bloot te lê. Dit blyk dat ***Respondent E*** sy emotiewe belewenisse op 'n alternatiewe wyse simboliseer, as om van verbale etikette gebruik te maak. Dit is dus nie dieselfde onvermoë tot verbalisering wat by ***Respondent A*** geïdenitifiseer was nie, maar eerder 'n alternatiewe etikettering.

***Respondent E*** het telkens baie kort na die musiek geluister voordat hy 'n emotiewe konstruk daarmee en met die situasie verbind het. Dit musiek is telkens as versterker van die situasie gebruik en slegs in twee gevalle (situasies 3 en 8) het die musiek gedien as ontlokking van die emotiewe belewenis van die situasies. Hoewel ***Respondent E*** oënskynlik die emotiewe betekenis van die musiek en 'n situasie baie vinnig identifiseer het, wil dit egter voorkom asof hy nie werklik aandag gee aan die emotiewe waarde van die musiek of die situasie nie.

**Respondent F**

Die emotiewe konstrukte wat deur ***Respondent F*** geidentifiseer is, word in Tabel 5-10 op die REP-rooster uiteengesit.

*Bespreking:*

***Respondent F*** se emotiewe konstruering skep die indruk dat sy telkens terugval op twee kernkonstrukte, naamlik "vervreemding" en "isolasie". Al

| 1 Musiek A | 2 Musiek B | 3 Musiek C | 4 Musiek D | 5 Musiek E | 6 Kwaad as soos 'n kind behandel | 7 Nie verwagting deel nie | 8 Beskuldig van luiheid | 9 Word verkeerd verstaan | 10 As huis deurmekaar is | 11 Perfeksionisties met take | 12 Vat ma se kant met konflik | 13 Ongeorganiseerde kosmaak | 14 Motor bestuur | 15 Doelbewus irriteer | No. | Ontluikende pool | Implisiete pool |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ⊗ | | | | | O | ⊗ | | | | | | | | | **1** | Alleen, eensaam, geïsoleerd | Onbekwaam, kwaad, verontwaardig |
| | ⊗ | | | | | | ⊗ | O | | | | | | | **2** | Seergemaak, nie genoeg nie, verraai | Voel hy dink ek is onnosel of "paranoid", nie gerespekteer nie, geïsoleerd |
| | | ⊗ | | | | | | | ⊗ | O | | | | | **3** | Hartseer, alleen, moedeloos | Geïrriteerd, gefrusteerd |
| | | | ⊗ | | | | | | | | ⊗ | O | | | **4** | Eenkant, 2e liefste, opsy geskuif, onsensitief teenoor my gevoelens | Gekritiseer, soos 'n kind tereggewys, nie ruimte vir "ek" wees nie |
| | | | | ⊗ | | | | | | | | | ⊗ | O | **5** | Verkeerd verstaan, wil nie hê hy moet iets oorkom nie, wil onttrek | Geïrriteerd, gefrusteerd, moedeloos |
| O | | | | | | | | | | ⊗ | | | | ⊗ | **6** | Geïrriteerd, vies, gefrustreerd | Vreedsaam, "at peace", kalm |
| | ⊗ | | | | | | | | | | | O | ⊗ | | **7** | Bang vir dood – om hom te verloor, hulpeloos, onheispellend, doods | Onvoldoende, kinderlik, stout |
| | | ⊗ | | | | | | | O | | ⊗ | | | | **8** | Alleen, teleurgesteld, eenkant, onbelangrik | Nie waardeer, misbruik, kwaad |

**Tabel 5-10:** Emotiewe konstrukte van ***Subjek*** F, Verhoudingspaar 3.

die emotiewe konstrukte wat sy aanbied, soos byvoorbeeld alleen, eenkant, onvoldoende, hulpeloos en onbelangrik, sou as ondergeskikte konstrukte van hierdie kernkonstrukte beskou kan word. Sy kontrueer haar emotiewe beleweniswêreld as los van die werklike situasie ten einde die hantering van die konflik te probeer voorspel.

Die wyse waarop ***Respondent F*** konfliksituasies op 'n oënskynlike eng manier probeer voorspel, skep die indruk dat haar konstruksisteem se reikwydte beperk is. Sy neig om dieselfde konstrukte op 'n rigiede en beperkende wyse te gebruik ten einde haar emotiewe beleweniswêreld en haar gedrag in interpersoonlike verhoudings te voorspel. Konstrukte word op 'n konstellatoriese wyse gebruik en ondergeskikte konstrukte word streng aan bogeskikte konstrukte as kernkonstrukte gekoppel.

Verder het ***Respondent F*** telkens langer na die musieksnitte geluister wat dan as stimulus gedien het vir die emosie wat sy daarna aan 'n konfliksituasie gekoppel het. Dit blyk dat sy telkens die emosie wat deur die musiek versterk is, op 'n konstellatoriese wyse aan haar kernkonstrukte gekoppel het. Die musiek het in ***Respondent F*** se geval duidelik bygedra tot die uitbreiding van haar emotiewe konstrukte. Sy vertoon egter 'n onvermoë om die emotiewe betekenis wat deur die musiek versterk was, suksesvol te onderskei en ***Respondent F*** gebruik

eerder dieselfde emotiewe konstruk om die verskillende musiek en situasies mee te voorspel.

### 5.5.3 Emotiewe konstruerings op die uitruilrooster

Tydens die derde onderhoudsessie was Verhoudingspaar 3 gevra om onderskeidelik mekaar se emotiewe konstruksisteme op die uitruilrooster te konstrueer. Hierdeur sou insig verkry kon word hoedanig die individue kennis dra van mekaar se emotiewe beleweniswêreld en konstrueringsprosesse.

***Respondent E*** het in sy konstruering van sy verhoudingsmaat se emotiewe konstruksisteem voortgegaan om ***Respondent F*** se beleweniswêreld op soortgelyke wyse te konstrueer as wat hy vir sy eie konstruering gebruik het (Tabel 5-11).

*Bespreking:*

In sy konstruering van ***Respondent F*** se emotiewe konstruksisteem het ***Respondent E***, net soos met sy eie emotiewe konstruksisteem, besonder vinnig die toets voltooi. Hy gee weer eens baie kriptiese verbale etikette waarmee hy ***Respondent F*** se emotiewe belewenisse verskraal tot enkele woorde. Dit is moontlik dat sy verhoudingsmaat se emotiewe

| 1 Musiek A | 2 Musiek B | 3 Musiek C | 4 Musiek D | 5 Musiek E | 6 Kwaad as soos 'n kind behandel | 7 Nie verwagting deel nie | 8 Beskuldig van luiheid | 9 Word verkeerd verstaan | 10 As huis deurmekaar is | 11 Perfeksionisties met take | 12 Vat ma se kant met konflik | 13 Ongeorganiseerde kosmaak | 14 Motor bestuur | 15 Doelbewus irriteer | No. | Ontluikende pool | Implisiete pool |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ⊗ | | | | | O | ⊗ | | | | | | | | | 1 | Moedeloos | Verergd |
| | ⊗ | | | | | | O | ⊗ | | | | | | | 2 | Moedeloos, misverstaan | Nie waardeer nie |
| | | ⊗ | | | | | | | ⊗ | O | | | | | 3 | Verveeld | Jaloers |
| | | | ⊗ | | | | | | | | ⊗ | O | | | 4 | Verkeerd verstaan | Nie ruimte gun nie |
| | | | | ⊗ | | | | | | | | | O | ⊗ | 5 | Frustrasie | Angs |
| O | | | | | | | | | | ⊗ | | | | ⊗ | 6 | Frustreerd | Rustig |
| | O | | | | | | | | | | | ⊗ | ⊗ | | 7 | Neem nie in ag nie | Rustig |
| | | O | | | | | | | ⊗ | | ⊗ | | | | 8 | Moedeloos, nie verstaan nie | Spelerig, ontspanne |

**Tabel 5-11:** ***Subjek E*** se konstruering van ***Subjek F*** se emotiewe konstruksisteem

beleweniswêreld buite die reikwydte van sy eie konstruksisteem lê waarvolgens hy konfliksituasies as onnodig en 'n tydverkwisting beskou.

Net soos wat ***Respondent E*** nie aan sy eie gemoedstoestand kognitief betekenis kan gee nie, blyk dit dat hy ook nie begrip en insig het in ***Respondent F*** se emotiewe beleweniswêreld nie. Dit blyk verder dat ***Respondent E*** nie van die sirkumspeksie-preëmpsie-kontrole siklus of die kreatiwiteitsiklus gebruik kon maak om sy konstruering van sy verhoudingsmaat se emotiewe konstruksisteem uit te brei nie. Derhalwe ervaar ***Respondent E*** probleme om die emotiewe betekenisse van situasies ooreenstemmend te voorspel en kan dit daarop dui dat hy ook sy verhoudingsmaat se emotiewe belewenisse wil onderdruk.

Indien ***Respondent E*** se konstruering op die uitruilrooster met ***Respondent F*** se konstruering van haar eie konstruksisteem vergelyk word, blyk dit dat die konstrukte wat hy vir ***Respondent F*** se emotiewe belewenisse aanbied, nie ooreenstem met die intensiteit van die konstrukte wat ***Respondent F*** vir haar eie ervarings gebruik nie. Hoewel ***Respondent E*** in vier van die agt situasies die emotiewe waarde van die situasie soortgelyk konstrueer as wat ***Respondent F*** dit gedoen het, blyk dit dat die emotiewe betekenis nie noodwendig op dieselfde vlak is nie. Die emotiewe konstrukte is byvoorbeeld nie van dieselfde intensiteit as dié wat deur sy vrou in haar konstrueringsproses gebruik is nie.

| 1 Musiek A | 2 Musiek B | 3 Musiek C | 4 Musiek D | 5 Musiek E | 6 Kwaad as soos 'n kind behandel | 7 Nie verwagting deel nie | 8 Beskuldig van luiheid | 9 Word verkeerd verstaan | 10 As huis deurmekaar is | 11 Perfeksionisties met take | 12 Vat ma se kant met konflik | 13 Ongeorganiseerde kosmaak | 14 Motor bestuur | 15 Doelbewus irriteer | No. | Ontluikende pool | Implisiete pool |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ⊗ | | | | | O | ⊗ | | | | | | | | | 1 | Moedeloos, gefrustreerd, onregverdig | Verkeerd verstaan, eintlik besorgd |
| | ⊗ | | | | | | O | ⊗ | | | | | | | 2 | Moedeloos, gefrustreerd, ongelukkig | Selfvoldoen, verlig, tevrede |
| | | ⊗ | | | | | | | ⊗ | O | | | | | 3 | Gefrustreerd, kwaad, teenstrydig met behoefte | Trots |
| | | | ⊗ | | | | | | | | ⊗ | O | | | 4 | In twee geskeur, verdedigend, ongemaklik | Lagwekkend, beherend, dominerend |
| | | | | ⊗ | | | | | | | | | ⊗ | O | 5 | Seergemaak, gekritiseer, beskuldig | Teleurgesteld, verwerp, ervaar my as koud |
| ⊗ | | | | | | | | | | O | | | | ⊗ | 6 | Verwerp | Tevrede. Trots, selfversekerd |
| | ⊗ | | | | | | | | | | | O | ⊗ | | 7 | Vooroordeel, verdedigend, onregverdig; verkleineer | Meerderwaardig, selfversekerd, "bossy" |
| | | ⊗ | | | | | | | O | | ⊗ | | | | 8 | Verward, senuweeagtig, beskermend oor ma | Vies , misbruik |

**Tabel 5-12:** ***Subjek F*** se konstruering van ***Subjek E*** se emotiewe konstruksisteem

***Respondent F*** se konstruering van ***Respondent E*** se emotiewe konstruksisteem is op die REP-rooster in Tabel 5-12 uiteengesit.

*Bespreking:*

In haar eie emotiewe konstruering gebruik ***Respondent F*** twee kernkonstrukte met verskillende ondergeskikte konstrukte om die intensiteit van haar beleweniswêreld te konstrueer. Dit blyk dat sy op dieselfde wyse te werk gaan wanneer sy ***Respondent E*** se emotiewe konstruksisteem konstrueer. Die kernkonstruk wat na vore kom, is "frustrasie". Die ander konstrukte word op ondergeskikte wyse aan frustrasie gekoppel om telkens haar verhoudingsmaat se emotiewe beleweniswêreld te konstrueer.

***Respondent F*** se neiging om dieselfde konstrukte op 'n rigiede en beperkende wyse te gebruik, ook wanneer sy ***Respondent E*** se emotiewe konstruksisteem konstrueer, dui op die konstellatoriese wyse waarop ondergeskikte konstrukte streng aan bogeskikte konstrukte gekoppel word. Sy slaag slegs in twee gevalle daarin om die elemente op dieselfde wyse as ***Respondent E*** te konstrueer. Net soos met die ander elemente slaag sy egter ook in hierdie gevalle nie daarin om die emotiewe konstrukte van ***Respondent E*** ooreenstemmend te voorspel nie.

Deurgaans gebruik sy haar eie konstrueringsproses om 'n ander betekenis en meer intensiteit aan ***Respondent E*** se konstruksisteem te heg as wat hy self sou doen. Die ondergeskikte konstrukte wat sy gebruik om ***Respondent E*** se konstruksisteem te konstrueer stem byvoorbeeld ooreen met die ondergeskikte konstrukte in haar eie emotiewe konstruksisteem.

*Opsomming:*

Verhoudingspaar 3 toon in hulle konstruering van mekaar se emotiewe konstruksisteme dat hulle nie veel insig in en begrip vir mekaar se beleweniswêrelde het nie. Hulle is geneig om aan die hand van hul eie konstrueringsproses mekaar se konstruksisteme óf te onderskat (***Respondent E*** ten opsigte van ***Respondent F***) óf te oorskat (***Respondent F*** ten opsigte van ***Respondent E***). Hierdie verhoudingspaar het in die derde onderhoud-sessie (vir die uitruilrooster) onderskeidelik aangetoon dat hulle wel emotiewe belewenisse van situasies met mekaar bespreek, veral wanneer hulle konflik ervaar. Die data-insamelingsproses het vir beide respondente daartoe bygedra dat hulle meer insig in mekaar se emotiewe konstruksisteme verkry het, maar dit was nie, soos vir die ander verhoudingspare in hierdie studie, 'n ontblotende ervaring nie.

## 5.6 Die navorser se konstruering

Die konstrueringsproses vir hierdie studie is nie voltooi sonder 'n samevattende konstruering deur die navorser van die drie verhoudingspare se protokolle nie. Daar is van drie verhoudingspare gebruik gemaak wat in ooreenstemming is met die drie elemente van die REP-toets. Twee pare was getroud en die derde paar was ongetroud. Vervolgens gaan daar gepoog word om die repertoriumtegniek toe te pas ten einde 'n globale konstruering van die navorsingsproses te gee.

> The conflictual process is the process whereby two or more members of the family negotiate a solution to conflicting beliefs (i.e., that what one desires is incompatible with what the other wants)...Conflict will develop when a person's self-esteem is threatened (Family Crisis, 2000, http://www.uakron.edu/hefe/fc/fcnote5a.htm).

Dit blyk vanuit die konfliksituasies wat deur die respondente tydens die semigestruktureerde aanvangsonderhoud geïdentifiseer is, dat die konflik vir elkeen van die verhoudingspare hoofsaaklik geleë is daarin dat hulle verskillende persepsies van werklike situasies het. Die intieme, romantiese verhouding is 'n konteks waarbinne die sterk- en swakpunte van elke individu grootliks vergroot word en 'n bose kringloop van misverstande kan word (Lingren, 1997). Misverstande onstaan veral ten opsigte van konflikterende houdings en waardes en die emotiewe konstrukte wat aan die hand van hierdie waardes gekonstrueer

word. Hierdie gebrek aan insig in en begrip vir mekaar se emotiewe konstrueringsproses het in die toepassing van die repertoriumtegniek vir die konstruering van emotiewe konstrukte na vore gekom.

'n Analise van die onderskeie uitruilroosters van Verhoudingspare 1, 2 en 3 toon dat die respondente telkens in hul konstruering van hul verhoudingsmaat se konstruksisteem van hul eie wyse van konstruering gebruikmaak sonder om noodwendig insig in mekaar se konstrueringsproses te openbaar. By al drie verhoudingspare is daar 'n oënskynlike onvermoë om hul verhoudingsmaat se emotiewe belewenisse korrek te konstrueer. Hulle gebruik hul eie konstrukte en kognitiewe konstrueringsproses ten einde die verhoudingsmaat se gedrag te voorspel sonder om hul verhoudingsmaat se emotiewe konstruering van situasies in ag te neem. Konflik ontstaan dikwels uit verwagtinge wat teleurgestel word en dit word ook duidelik in die gebrek aan insig in die maat se konstrueringsproses.

Verhoudingspaar 3 toon oënskynlik meer insig in mekaar se konstrueringsprosesse alhoewel hulle nie die intensiteit van mekaar se emotiewe belewenisse ooreenstemmend konstrueer nie. Dit blyk byvoorbeeld of ***Respondent E*** die intensiteit van sy verhoudingsmaat se emotiewe belewenisse onderskat, terwyl ***Respondent F*** die intensiteit van haar verhoudingsmaat se emotiewe beleweniswêreld oorskat. Vanuit die uitruilrooster wil dit egter voorkom asof ***Respondent E*** meer insig in sy verhoudingsmaat se emotiewe

konstruering het as wat ***Respondent F*** in haar maat se konstruering het. In vier van die agt situasies was ***Respondent E*** se konstruering ooreenstemmend met wat ***Respondent F*** in haar individuele konstruering aangebied het.

Dieselfde mate van insig word waargeneem by ***Respondent C*** se konstruering van sy verhoudingsmaat (***Respondent D***) se emotiewe konstruksisteem. In vier van die agt situasies het ***Respondent C*** die emotiewe belewenisse ooreenstemmend met ***Respondent D*** se individuele konstruering gekonstrueer. Daarteenoor vertoon ***Respondent B*** in Verhoudingspaar 1 dat sy groter insig in haar verhoudingsmaat se emotiewe konstruksisteem openbaar. ***Respondent B*** het in vyf van die agt situasies die emotiewe belewenis ooreenstemmend met ***Respondent A*** se individuele konstruering gekonstrueer.

Dit blyk dus op die uitruilrooster dat by Verhoudingspare 2 en 3 die mans (***Respondente C en E***) groter insig openbaar as die vrouens (***Respondente D en F***), terwyl by Verhoudingspaar 1 die vrou (***Respondent B***) groter insig openbaar as die man (***Respondent A***). Ten einde ondersteunende gedrag in hierdie verhoudings te fasiliteer, sal dit nodig wees dat die verhoudingspare begelei word om groter insig in mekaar se emotiewe konstrueringsprosesse te verkry. Die konfliksituasies hou grootliks verband met die verskil in konstruering van emotiewe belewenisse en die belangrikheid wat hul emotiewe leefwêreld in hul alledaagse lewe het.

Die rol van musiek as 'n element van die REP-toets word deur die navorser as tweeledig konstrueer. Musiek het beide as versterking en vir die ontlokking van emotiewe konstrukte in die toets opgetree. In die meeste gevalle (50 van die totale 72 response) het die musiek 'n bepaalde gemoedstoestand versterk soos wat dit in 'n bepaalde konteks beleef was en het dit die betekenisgewing van daardie gemoedstoestand vir die respondente vergemaklik. Die emosie is in die musiek herken en dan in verband gebring met die emotiewe waarde van die konfliksituasie. Sodoende kon die musiek dus 'n rol speel in die uitbreiding van die emotiewe konstrueringsproses.

In die oorblywende gevalle (22 van die totale 72 response) het die musiek die emotiewe betekenis van die stiuasies ontlok en is situasies wat oënskynlik nie 'n emotiewe konstruk gedeel het nie, wel met mekaar in verband bring. Musiek was die element wat verskil het, terwyl die emotiewe betekenisse van die situasies met mekaar verband gehou het. Die musiek het dus bygedra daartoe dat daar deur kognisie betekenis aan die gemoedstoestand gegee kon word en die emotiewe konstrukte op hierdie wyse uitgebrei kon word.

Die doel van die studie was om die waarde van musiek vir die uitbreiding van emotiewe konstrukte te ondersoek. Dit blyk dat die musiek die emotiewe bewuswordingsproses vir die respondente tydens die REP-toets, beide vir die individuele konstruering en op die uitruilrooster, vergemaklik het. Die musiek het die emotiewe belewenisse van die konfliksituasies versterk en sodoende die

respondente in kontak gebring met hulle emotiewe beleweniswêreld. Dit is nie noodwendig 'n vereiste dat musiek as element vir die toepassing van die REP-toets gebruik word nie. Die musiek het egter deurgaans die proses vergemaklik. Musiek is 'n unieke vorm van kommunikasie wat die grense van taal oorskry (Van Schalkwyk, 1998) en is in hierdie studie as 'n gemeenskaplike element gebruik ten einde die konstruering van emotiewe konstrukte te fasiliteer.

## 5.7 Slotsom

Volgens Kelly (1955) moet 'n teorie nie beoordeel word ten opsigte van hoe dit ooreenstem met die werklikheid nie, maar eerder ten opsigte van die praktiese nut daarvan. Dit sluit aan by die postulaat van pragmatisme en die funksionaliteit wat voorspelling en beheer vir die mens behoort te hê. Emotiewe konstruksisteme ontwikkel dus wat doeltreffend vir verskillende situasies behoort te wees en wat verander kan word wanneer dit nie behoorlik funksioneer nie (Meyer *et al.*, 1989). Die REP-tegniek is in hierdie studie gebruik om vas te stel hoe individue verskillende emotiewe belewenisse in interaksie met musiek konstrueer. Aangesien dit 'n redelik gestruktureerde tegniek is, kan dit die navorser en die respondente in staat stel om insig in die emotiewe konstrueringsproses te verwerf. Die individu kan ook aan die hand van die tegniek insig in hul eie konstruksisteme verkry en die navorser hoop dat hulle ook die nodige aanpassings kan maak ten einde situasies meer suksesvol te kan voorspel en beheer.

Die uitruilrooster, as deel van die proses, het die potensiaal om individue te help om meer insig te verkry in die wyse waarop hulle hul verhoudingsmaat se emotiewe konstruering van situasies verstaan en kan voorspel. Dit sluit aan by Kelly (1955) se sosialiteitstelling dat effektiewe sosiale interaksie vereis dat 'n individue in staat moet wees om hul verhoudingsmaats se konstruksisteem te verstaan (Möller, 1993) ten einde suksesvol in die verhouding te kan optree.

Die laaste hoofstuk is 'n reflektering ten opsigte van hierdie studie. Die leemtes en bruikbaarheid van die studie sal ook aangespreek word.

# HOOFSTUK 6

# REFLEKTERING EN AANBEVELINGS

## 6.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan 'n samevatting gegee word van die studie en die prosesse wat daarby betrokke was. Die waarde van die studie en die moontlike gebruikswaarde sal aangetoon word. Die navorser poog om in hierdie hoofstuk te reflekteer op die proses en 'n integrasie te gee van die teoretiese beginsels wat die studie onderlê. Daar sal ook aandag gegee word aan die praktiese toepassing van die metode vir die uitbreiding van emotiewe konstrukte.

## 6.2 Die rol van musiek

*Die rol van musiek in die uitbreiding van emotiewe* konstrukte is die titel van hierdie studie en het aanleiding gegee tot die navorsingsvraag wat in Hoofstuk 1 gestel is. Die proses van emotiewe betekenisgewing is dikwels vir die individu vaag en onduidelik en betekenisse word nie met gemak kognitief konstrueer nie. Derhalwe kan die individu dit ervaar dat sy of haar verwagtinge onbeantwoord bly omdat die emotiewe betekenis beide vir hom of haarself en vir die verhoudingsmaat nie duidelik konstrueer is nie. Dit kan uiteindelik aanleiding gee tot misverstande en konfliksituasies wanneer die verhoudingsmaat nie die

emotiewe beleweniswêreld van die individu korrek kan voorspel en toepaslik optree nie.

In Hoofstuk 3 is aangetoon dat musiek emosies by die mens kan ontlok en versterk, veral as daar 'n bepaalde assosiasie aan verbonde is. Daar is 'n ooglopende ooreenstemming met die emosie wat deur die musiek ontlok word en die ervaarde emosie van die luisteraar. Hiervolgens kan musiek dien as 'n bevestiging van die luisteraar se emosies in 'n bepaalde situasie en kan musiek ook dien as uitbreiding van die emotiewe beleweniswêreld van die individu in bepaalde situasies.

Musiek is derhalwe as 'n element op die REP-toets gebruik ten einde respondente te help met die konstruering van hul emotiewe konstrukte (Hoofstuk 5). Dit het geblyk dat musiek in die uitbreiding van emotiewe konstrukte beide versterkend en ontlokkend van aard was. Wanneer die musiek 'n versterkende rol gespeel het, was die konstruering van die situasies (die ander elemente op die REP-toets) beïnvloed deur die musiek. Die musiek het die emotiewe belewenis van die situasies versterk en die respondente het 'n passing gevind tussen die emotiewe konstruering van die musiek en die situasie.

Daarnaas het musiek ook emotiewe konstrukte ontlok wat eie was aan die respondente se emotiewe konstruering van die bepaalde situasies. Hierdie emotiewe konstruering het die emotiewe bewuswordingsproses "geaktiveer". Dit

was gevolglik vir die respondente makliker om die emotiewe konstrukte wat hulle in die konfliksituasies beleef het, te konstrueer. Deurlopend was dit duidelik dat musiek vir elke respondent die betekenisgewing en konstruering van emotiewe konstrukte vergemaklik het en die respondente in kontak gebring het met hulle emotiewe leefwêreld.

### 6.3 Die emotiewe bewuswordingsproses

In Hoofstuk 2 is 'n model daargestel waarvolgens die navorser gepoog het om sin te maak van die emotiewe bewuswordingsproses by die mens. Hiervolgens word die individu eers vaagweg bewus van 'n gemoedstoestand wat dan deur kognisie betekenis gegee word en in taal uitgedruk word. Dit was duidelik in die toepassing van die repertroriumtegniek dat hierdie bewuswordingsproses deel is van die konstruering van emotiewe konstrukte.

Kognisie was byvoorbeeld deurgaans deel van die proses. Alhoewel die respondente dit nie pertinent geverbaliseer het nie, het hulle telkens eers bewus geword van 'n vae gemoedstoestand wat nog aan hulle onbekend was en moeilik was om te verwoord. Deur middel van kognisie het hulle dan betekenis gegee aan die emotiewe belewenis totdat daardie belewenis as 'n emotiewe konstruk betekenis gekry het en geverbaliseer kon word. Die verbale etikette kon dus die emotiewe belewenisse van situasies reflekteer.

Die vermoë om emotiewe konstrukte in taal te verbaliseer was egter nie vir al die respondente ewe maklik nie. Soms het 'n respondent met 'n beperkte woordeskat of met kriptiese verbale etikette betekenis aan sy of haar emotiewe beleweniswêreld gegee. Die proses wat deur die repertoriumtegniek gefasiliteer is en waarvolgens die respondente hul emotiewe konstrukte moes verbaliseer, het egter bygedra daartoe dat elke individu groter insig in sy of haar emotiewe konstrueringsproses verkry het. Verbale etikette kon ook uitgebrei word wanneer die musiek die emotiewe belewenisse versterk of ontlok het en sodoende kon nuwe konstrukte tot hulle konstruksisteme toevoeg word.

## 6.4 Die waarde van die repertoriumtegniek

Probleme in verhoudings ontstaan dikwels vanuit 'n onvermoë om die beleweniswêreld van 'n verhoudingsmaat in perspektief te kan sien. Kelly (1955) se sosialiteitstelling en die noodsaaklikheid daarvan om kennis van 'n verhoudingsmaat se emotiewe konstruksisteem te dra is in Hoofstuk 2 uiteengesit. Die subjektiewe belewenis en voorstelling wat elke mens van sy of haar wêreld het, is die geleefde werklikheid vir die individu (Meyer *et al.*, 1989). In verhoudings skep dit soms probleme omdat daar nie 'n ware realiteit is waarvolgens situasies geïnterpreteer en gedrag beplan kan word nie. Elke belewenis van elke situasie is 'n subjektiewe belewenis en slegs die wedersydse kennis van mekaar se emotiewe konstruksisteme kan insig en begrip in sulke situasies fasiliteer. Sodanige insig en begrip in 'n verhoudingsmaat se

konstruksisteem kan ondersteunende gedrag tot gevolg hê en konflik wat weens misverstande onstaan, verminder.

Die waarde van die repertoriumtegniek en veral die toepassing van die uitruilrooster lê daarin dat dit wedersydse insig in mekaar se emotiewe leefwêrelde vir verhoudingsmaats in 'n intieme, romantiese verhouding moontlik maak. Deur die konstrueringsproses wat met die repertoriumtegniek fasiliteer is, het individue insig in hul eie konstruering van die verhoudingsmaat se emotiewe konstruksisteme en kan hulle hul gedrag dienooreenkomstig aanpas of verander. Voorspelling en beheer word dus vir die individu gefasiliteer en die probleemsituasies in die verhouding kan met toepaslike response op die emotiewe beleweniswêreld van die maat verminder word.

Verder beweer Kelly (1955) in sy tweede uitgangspunt dat die konstruering van situasies in die individu se konstruksisteem pragmaties van aard is. Hiervolgens moet die konstruksisteem vir die individu werk in die veelvuldige situasies waarin hy of sy hom of haarself bevind. Ten opsigte van die repertoriumtegniek kan daar dus eerder gefokus word op die praktiese nut van die tegniek as op die ooreenstemming van die tegniek met die sogenaamde werklikheid. Die praktiese waarde van die tegniek het in hierdie studie na vore gekom en die toepassingsmoontlikhede van die repertoriumtegniek is dermate uitgebrei.

## 6.5 Probleme en leemtes van die studie

'n Belangrike faktor in die emotiewe bewuswordingsproses sowel as die konstruering van emotiewe konstrukte was die verbalisering van emotiewe belewenisse volgens die kognitiewe betekenis wat daaraan gegee word. Die navorser het egter gevind dat taal problematies was wanneer emotiewe konstrukte verbaal uitgedruk moes word. McNamee en Gergen (1992, pp.2-3) meen ook dat "our constructions of the world and ourselves are limited by our languages".

Alle individue gebruik nie noodwendig verbale simbole om hul emotiewe beleweniswêreld uit te druk nie. Dit beteken egter nie dat hulle nie tot hierdie bewuswordingsproses in staat is nie. Daar kan eerder aanvaar word dat sommige individue hulle emotiewe leefwêreld op 'n alternatiewe wyse uitleef en simboliseer. So kan 'n individu byvoorbeeld deur musiek, selfs ook die luister na musiek, gestalte gee aan sy of haar emotiewe beleweniswêreld sonder dat dit geverbaliseer word.

Die repertoriumtegniek vereis egter dat subjekte verbale etikette vir hul emotiewe belewenisse moet gee. In hierdie opsig kon die tegniek nie reg laat geskied aan individue se alternatiewe wyses van simbolisering nie. Verdere navorsing sou gedoen kon word om ook voorsiening te maak vir alternatiewe konstruerings van emotiewe belewenisse en die uitbreiding van die emotiewe konstruksisteem.

Sodanige navorsing behoort voorsiening te maak vir die emotiewe bewuswordingsproses en die kognitiewe betekenisgewing, hetsy geverbaliseer of andersins gesimboliseer, wat met die proses saamgaan.

Aangesien die assosiasies wat individue in interaksie met musiek ervaar ook baie subjektief van aard is en vir elke luisteraar na dieselfde musiek kan verskil (Van Schalkwyk, 1998), kan daar ook aanvaar word dat die musiek in hierdie studie verskillend deur elke individu benut was vir die uitbreiding van sy of haar emotiewe konstrukte. Die musiek wat deur die navorser geselekteer is, reflekteer verder ook 'n subjektiewe keuse van die navorser self en dit is moontlik dat ander musiek heel ander emotiewe konstrukte kan ontlok en versterk.

Hoewel die repertoriumtegniek nie voorsiening maak vir alternatiewe konstruerings van emotiewe belewenisse nie, het die navorser tog gevind dat die deelname aan die tegniek vir die subjekte reflektering van hul emotiewe leefwêrelde moontlik gemaak het. Hierdie refleksie het bygedra daartoe dat verhoudingsmaats insig bekom het met betrekking tot hoe hulle hul eie emotiewe belewenisse simboliseer en situasies emotief konstrueer. Dit bly 'n subjektiewe konstruering en selfs op die uitruilrooster het die respondente hul eie wyse van konstruering toegepas om die verhoudingsmaat se emotiewe belewenisse te konstrueer. Insig in 'n ander persoon se konstrueringsproses kan verwerf word, maar daar kan nie konstrueer word soos wat die ander persoon dit doen nie.

## 6.6 Ten slotte

Die fokus van hierdie studie was die uitbreiding van emotiewe konstrukte met musiek as een van die elemente op die REP-toets. Daar is geslaag daarin om aan te toon dat musiek 'n bydrae lewer tot die uitbreiding van individue se emotiewe konstruksisteme. Verder is aangetoon dat musiek ook 'n rol kan speel om verhoudingsmaats te help om mekaar se emotiewe konstrueringsprosesse beter te verstaan. Die toepassing van die repertroiumtegniek het die konstrueringsproses gefasiliteer en data gegee waarvolgens die navorser groter insig in die emotiewe konstruksisteme van verhoudingspare kon verwerf .

Die studie het nie ten doel gehad om ondersoek in te stel na die spesifieke analitiese waarde van die repertoriumtegniek vir terapeutiese situasies nie. Die navorser is egter van mening dat die tegniek die beginpunt van die terapeutiese proses kan wees. Wanneer 'n verhoudingspaar aanklop vir berading, kan hierdie tegniek aan beide die terapeut en die paar begrip gee vir die emotiewe konstruksisteme van die individue. Insig kan ook verwerf word ten opsigte van die wyse van konstruering en hoe hierdie konstrueringsporses bydra tot interpretasie van gebeurtenisse en die emotiewe beleweniswêreld van die verhoudingspaar. Dit is juis daardie ervarings wat somtyds tot misverstande en konfliksituasies bydra wat kan lei tot die verbrokkeling van 'n verhouding.

In verhoudingsberading sou die terapeut of berader die emotiewe konstrukte kan analiseer en met behulp van die emotiewe konstrukte meer inligting ten opsigte van die subjekte se konstruksisteme kon bekom. Die bruikbaarheid van die tegniek is ook nie beperk tot romantiese verhoudings nie, maar kan gebruik word om insig te bekom in enige diadiese verhouding.

Musiek is 'n nie-bedreigende element op die REP-toets wat emotiewe assosiasies ontlok en versterk. Dit kan dus nuttig aangewend word in die konstrueringsproses wanneer emotiewe betekenisse geverbaliseer moet word. Verder het musiek waarde vir die uitbreiding van die emotiewe konstruksisteem en kan dit nuttig in beradingsituasies aangewend word om individue te help met die emotiewe konstrueringsproses.